- Skedule 14: Lugtekens
- Skedule 15: Transito-reklame
- Skedule 16: Tekens op Munisipale grond of geboue
- Skedule 17: Tekens wat deur of ten bate van nie-winsgewende liggame opgerig word
- Skedule 18: Standaard losstaande en saamgestelde tekens vir die bewaringsgebied

1. Woordomsrywings

In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

“**advertensie**” enige verteenwoordiging van ’n woord, naam, letter, syfer of voorwerp of ’n afkorting van ’n woord of naam, of enige simbool: of enige lig wat nie uitsluitlik vir verligting of as ’n waarskuwing teen enige gevare bedoel is nie en “**reklame**” het ’n soortgelyke betekenis.

“**advertensie struktuur**” enige fisiese struktuur wat ontwerp is vir ’n advertensieteken, enige losstaande skerm of bord wat groter as 4.5m in totale omvang is; wat ondersteun word deur of uit ’n struktuur bestaan wat gebruik word vir die aanplak, vertoon of wys van ’n teken.

“**banier**” enige materiaal waarop ’n teken op so ’n wyse vertoon word dat dit in windstil toestande ten volle leesbaar is, vasgeheg aan een of meer toue, pale of vlagpale wat vertikaal, horisontaal of teen ’n hoek uitsteek, of aan geboue of spesiale strukture bevestig is, maar sluit nie baniere in wat as deel van ’n optog gedra word nie. ’n Vlag wat nie op ’n goedgekeurde vlagpaal vertoon word nie, word vir die doeleindes van hierdie Verordening, ’n banier geag te wees.

“**bestaande teken**” enige teken wat voorheen deur die Munisipaliteit goedgekeur is.

“**beweegbare teken**” ’n teken wat nie permanent vasgemaak is nie en nie bedoel is om in een posisie gehê te bly nie, maar sluit nie enige bewegende deel op ’n permanente vasgemaakte teken in nie.

“**dakteken**” ’n teken wat op die dak van ’n gebou aangebring is waar die boonste rand van enige punt van daardie teken nie die hoogte van die dakvlak waarop dit aangebring is, oorskry nie.

“**derdeparty reklame**” die reklame van goedere of dienste wat nie vervaardig, verkry, verkoop of afgelewer word vanaf die eiendom waarop die teken of teken wat daardie goedere of dienste adverteer, aangebring of geplaas is nie, en sluit reklame in wat nie terreingebonde is nie.

“**diensstasie fasiliteit teken**” losstaande tekens by petrol vulstasies, rus- en diensplekke langs die pad en sluit diensstasie-ingangstekens in.

“**dikte**” met betrekking tot ’n uitsteekteken, die wydte van sodanige teken parallel gemeet met die vlak van die hoofmuur waarop sodanige teken aangebring is.

“**doelgemaakte ontwerp**” die ontwerp van enige teken met spesiale effekte soos spesialis karakteruitsnedes of figure of driedimensionele voorstellings of bewegende dele of ’n kombinasie daarvan, en wat spesiaal vir oprigting op ’n spesifieke plek ontwerp of gebou word.

“**driedimensionele teken**” ’n teken wat meer as 2 dimensies bevat, insluitend replikas van produkte.

“**eiendomsagentskap**” ’n persoon wat eiendomme bemark, verkoop of verhuur met of sonder geboue wat daarop opererig is en “**eiendomsagent**” het ’n ooreenstemmende betekenis.

“**elektroniese teken**” ’n teken met ’n elektronies beheerde, verligte vertoon oppervlak wat toelaat dat die hele teken of ’n gedeelte daarvan verander of op verskillende maniere verlig kan word.

“**erfenisimpakbeoordeling**” (EIB) ’n visuele en kontekstuele beoordeling van die impak wat enige voorgestelde teken op die kulturele erfenis kan hê, hetsy dit ’n gebou of ’n plek is waar die voorgestelde teken vertoon sal word.

“**gebiede van beheer**” daardie gebiede wat in Skedule 1 van die Verordening uiteengesit word; en wat van tyd tot tyd verander of gewysig kan word, welke veranderinge en wysigings grafies uitgebeeld moet word by wyse van kaarte wat deur die Munisipaliteit saamgestel sal word.

“**geborgde teken**” ’n teken waarvan die primêre doel nie die advertering van goedere of dienste is nie, maar wat ’n grafika of inhoud vertoon wat gemeenskaps- of openbare bewustheid van ’n erkende openbare- of gemeenskapsdoelwit bevorder.

“**gemagtigde beampte**” ’n werknemer van die Munisipaliteit of enige ander aangestelde persoon daar toe gemagtig om op te tree, funksies uit te voer of pligte na te kom in terme van die bepalinge van hierdie Verordening en “**beampte**” het ’n ooreenstemmende betekenis.

“**gemeenskaplike grensfasade**” enige fasade van ’n gebou wat aangrensend aan die agterkant of sygrens van ’n erf gebou word en welke fasade blind is, naamlik dat dit geen argitektoniese kenmerke, insluitend vensters, het nie.

“**geprojekteerde teken**” enige teken wat deur ’n laserprojektor, videoprojektor of ander apparaat geprojekteer word.

“**goedkeuring**” goedkeuring deur die Munisipaliteit en “**goedgekeur**” het ’n ooreenstemmende betekenis.

“**grafika**” sluit enige komponent in maar is nie daartoe beperk nie wat tot die visuele voorkoms of estetika van ’n teken bydra, insluitende die agtergrond daarvan.

“**handelsreklame**” enige woorde, letters, logos, syfers, simbole, prentjies wat met die naam van ’n besigheid, bedryf, vennootskap of individu verband hou, of enige inligting, aanbeveling of waarskuwing ten opsigte van enige bepaalde goedere wat vervaardig of verkoop word, of enige bepaalde dienste wat gelewer of aangebied word, of enige gebeurtenis vir handel of vermaak, insluitend sportbyeenkomste.

“**hoofopskrif plakkaat**” ’n tydelike plakkaat wat die inhoud van ’n dagblad of weeklikse koerant adverteer.

“**hoogte van ’n teken**” word bereken deur die vertikale afstand tussen die boonste en laagste gedeeltes van die reklame paneel te meet.

“**intern verligte teken**” ’n teken of struktuur wat gebruik word om ’n teken te vertoon wat van elektriese of ander krag voorsien is en ’n kunsmatige ligbron het wat ten volle of gedeeltelik in die struktuur of teken ingesluit is en welke lig bedoel is om die teken of ’n gedeelte daarvan te verlig.

“**kimteken**” ’n teken waarvan die boonste rand van enige punt daarvan die hoogte van die dakvlak waarop dit aangebring is, oorskry.

“**klas 2 paaie**” paaie wat die primêre netwerk vir die stedelike gebiede as geheel verskaf en wat gekenmerk word deur hoë volumes, beperkte toegang en redelike hoë spoed.

“**klas 3 paaie**” paaie wat verkeer versprei tussen die primêre residensiële, industriële en sakegebiede van die dorp en wat die skakel vorm tussen die primêre netwerk (klas 2 paaie) en die paaie binne residensiële gebiede.

“**kommersieel geborgde teken**” ’n teken wat goedere of dienste adverteer, maar waarvan die oprigting ’n tweede doel dien, naamlik om een of ander erkende openbare of gemeenskapsdoelwit- of funksie te bevorder of daartoe by te dra.

“**konsultant**” ’n paslik gekwalifiseerde onafhanklike persoon of maatskappy wat namens of as agent optree van ’n aansoeker om goedkeuring van ’n teken ingevolge hierdie Verordening.

“**los draagbare teken**” ’n losstaande terreingebonde kennisgewing of reklamestruktuur wat in ’n padreserwe of openbare oop ruimte geplaas of opgerig is.

“**losstaande teken**” enige teken of groep tekens wat op een losstaande struktuur vertoon word of daarin vervat is, wat nie vas is aan ’n gebou of enige struktuur of voorwerp wat nie vir die primêre doel van reklame beoog is nie;

“**Landelike Area**” ’n gebied buite die stedelike rand uitgesluit natuurlike gebiede soos beskryf in skedule 1;

“**lugteken**” ’n teken wat in die lug vertoon of uitgevoer word, insluitend, maar nie beperk tot ballonne en ballonskepe wat vanuit die Munisipaliteit se regsgebied gesien kan word.

“**Munisipaliteit**” die Munisipaliteit van Swellendam gestig ingevolge Artikel 12 van die Munisipale Strukturewet, 117 van 1998, en dit sluit in enige behoorlik gevolgmagtigde agent daarvan, diensverskaffer of enige werknemer daarvan wat ingevolge hierdie Verordening optree uit hoofde van die mag wat berus by die Munisipaliteit en, wat gedelegeer of gesubdelegeer is aan so ’n agent, diensverskaffer of werknemer.

“**nie-winsgewende liggaam**” ’n liggaam wat hoofsaaklik daargestel is om ’n gemeenskapsdoelwit of voordeel sonder direkte of persoonlike finansiële wins te bevorder en dit kan opvoedkundige, sport-, mediese en munisipale departemente, liggame sowel as liefdadigheids- of gemeenskapsorganisasies insluit.

“**nuwe teken**” enige teken wat vir die eerste keer ná die afkondiging van hierdie Verordening vertoon word.

“**omgewingsimpakbeoordeling**” (OIB) ’n beoordeling wat ingevolge die Munisipaliteit se riglyne vir buitereklaam onderneem word.

“**ontwikkelingsbord**” ’n teken wat op ’n perseel vertoon word waar boubedryghede aan die gang is en wat betrekking het op enige dienste verskaf, werk wat verrig word of goedere wat in verband met sodanige boubedryghede voorsien word, maar sluit nie kontrakborde vir bou- en siviele ingenieursprojekte in nie soos vereis ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977).

“**openbare fasade**” enige fasade van ’n gebou wat argitektoniese artikulasies het en wat sigbaar is vir die publiek.

“**openbare pad**” ’n openbare pad soos omskryf in die Nasionale Padverkeerswet 1996 (Wet 93 van 1996).

“**openbare plek**” enige openbare pad, openbare straat, deurgang, brug, duikweg, looppad, sygaardjie, voetpad, voetgang (of soortgelyke voetgangergedeelte van ’n padreserwe), laan, plein, oopruimte, tuin, park of ingeslote plek wat in die Munisipaliteit of ander staatsowerheid gevestig is, of as sodanig op die Landmeter-Generaal se rekords aangedui word, of deur die publiek gebruik word of as sodanig ingevolge die toepaslike soneringskema gesoneer is.

“**padreserwe**” die gebied wat binne die statutêre breedte van ’n pad geleë is, en sluit ryvlakke, skouers en sygaardjies in en die lugruimte bokant sodanige ryvlakke, skouers en sygaardjies en alle ander gebiede binne die padreserwe grens.

“**perimeter van ’n kruising**” die perimeter van die gebied wat ingesluit word by die verlenging van die padreserwelyne van twee of meer openbare paaie wat teen enige hoek by mekaar aansluit, of so ’n openbare pad die ander een kruis of nie.

“**persoon**” sluit in:

- (a) enige staatsinstelling;
- (b) enige maatskappy wat as sodanig ingevolge enige wet ingelyf of geregistreer is; en
- (c) enige liggaam van persone, hetsy ingelyf al dan nie, wat as ’n enkelentiteit vir watter doel ook al funksioneer.

“**plakkaat**” tydelike tekens wat aan die Munisipaliteit se elektriese liggale geheg kan word of op vaste strukture opgeplak word om byeenkomste of veldtogte te adverteer, insluitende verkiesings of referendums van beperkte duur, maar nie tekens wat markte, uitstallings of byeenkomste adverteer wat op ’n gereelde grondslag gehou word nie.

“**plat teken**” ’n teken wat aan ’n muur van ’n gebou vasgemaak is of direk daarop geverf is, maar nie op of oor vensters of deure of argitektoniese artikulasies nie, en wat nêrens meer as 250 mm voor die oppervlak van sodanige muur uitsteek nie.

“**poortroete**” ’n prominente roete met ’n ingang tot of uitgang van ’n spesifieke gedeelte van die Munisipaliteit se jurisdiksie, bestaande uit kunsmatige of natuurlike kenmerke wat ’n sterk gevoel van aankoms of vertrek skep en in ooreenstemming met stadsbeplannings- of ontwikkelingsraamwerkplanne of Verordening is en wat geografies uitgebeeld kan word by wyse van kaarte of deur die Munisipaliteit gelys word.

“**reklamestruktuur**” enige fisiese struktuur wat ontwerp is om ’n teken te vertoon.

“**ryvlak**” daardie gedeelte van ’n pad, straat of deurgang wat verbeter gebou of vir voertuig verkeer bedoel is soos omskryf in die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996).

“**samegestelde teken**” ’n enkel losstaande reklamestruktuur vir die vertoon van meer as een teken.

“**sekuriteitsteken**” ’n teken vir buurtwag- en soortgelyke skemas, en ’n teken wat die naam, logo, adres en telefoonnommer van ’n sekuriteitsmaatskappy bevat wat gekontrakteer is, of ’n sekuriteitstelsel wat geïnstalleer is, om die perseel waarop die teken vertoon word, te beskerm.

“**Sentrale sakegebied (CBD)**” ’n gebied in die beboude omgewing afgebaken as sodanig op die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk vir daardie dorp.

“**sone**” ’n grondgebruiksone soos uiteengesit in die toepaslike soneringskema of skemaregulasies soos van tyd tot tyd gewysig en wat van toepassing is op enige erf waarop ’n teken vertoon word of beplan word om vertoon te word en “**sonering**” het ’n ooreenstemmende betekenis.

“staatsinstelling”

- (a) enige staatsdepartement of administrasie in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer van regering;
- (b) enige ander funksionaris of instelling—
- (i) wat ingevolge die Grondwet of 'n provinsiale grondwet 'n mag uitoefen of 'n funksie verrig; of
 - (ii) wat ingevolge enige ander wetgewing 'n openbare mag uitoefen of 'n openbare funksie verrig.

“stadsgrensllyn” 'n vooraf bepaalde punt-tot-punt grensllyn soos deur die Munisipaliteit bepaal, met die doel om stedelike ontwikkeling te beperk.

“Stedelike bewaringsgebied” 'n gebied in die beboude omgewing afgebaken as sodanig op die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk vir daardie dorp.

“Stedelike gebied” 'n gebied binne die stedelike rand van 'n dorp;

“Stedelike rand” 'n gebied in die beboude omgewing afgebaken as sodanig op die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van daardie dorp;

“straatnaamtekens” tekens wat op 'n paal gemonteer en dubbelsydig is, wat intern verlig of onverligte tekens is wat saam met straatname vertoon word, en wat nie een (1) m² oorskry nie.

“straat-toerusting” openbare fasiliteite en strukture wat nie hoofsaaklik vir reklame bedoel is nie en sluit in, maar is nie beperk tot sitbanke, planthouers, blikke, blikke wat aan 'n paal gemonteer is, bus-skuilings, sypaadjiehorlosies, drinkspuite, Telkom-kaste, verkeersbeheerders, elektrisiteitskaste, posbusse en telefoonhokkies, maar sluit nie padverkeerstekens, verkeerseine, straatligte of enige ander padverwante strukture in nie.

“teken” enige voorwerp, produk, replika, reklamestruktuur, muurskildering, toestel of bord wat gebruik word om 'n teken in die openbaar te vertoon of wat op sigself 'n reklame-teken is en sluit 'n plakkaat, reklamebord asook 'n advertensie in wat in die argitektoniese ontwerp van 'n gebou of struktuur ingevoeg is.

“terreingebonde reklame” enige teken wat op 'n spesifieke erf, perseel of gebou vertoon word en kan 'n teken op grond in munisipale besit insluit wat naby, of aangrensend aan, of binne 5 meter vanaf die voorgenoemde erf, perseel of gebou is, welke teken na 'n aktiwiteit, produk, diens of attraksie verwys wat op of van daardie erf of daardie perseel verskaf of voorsien word.

“totale hoogte” met betrekking tot 'n teken, die vertikale afstand tussen die boonste rand van die teken en die afgewerkte vlak van die grond, looppad of rypad onmiddellik onder die middelpunt van die teken.

“traanvormbanier” enige material in 'n traanvorm fatsoen, met of sonder drukwerk daarop, wat in windstil toestande leesbaar en aan 'n enkele buigbare en soms veerbelaaide paal vasgeheg is.

“transito-reklame” reklame deur middel van 'n beweegbare teken wat padlangs op of tesame met 'n motorvoertuig vervoer kan word, insluitende sleepwaens wat hoofsaaklik vir reklame gebruik word.

“tydelike tekens” tekens wat vir 'n maksimum tydperk van 14 dae vertoon word, of 'n ander tydperk wat deur die Munisipaliteit goedgekeur mag word.

“uitsigpad” 'n pad wat as sodanig in 'n goedgekeurde soneringskema aangewys is of waarvandaan landskappe of voorwerpe van estetiese of kulturele betekenis gesien of besigtig kan word, soos deur die Munisipaliteit aangewys.

“uitsteekteken” 'n teken wat aan 'n muur van 'n gebou vasgemaak word en wat by sekere plekke meer as 250 mm voor die oppervlak van sodanige muur uitsteek.

“vensterreklame” advertensies wat tydelik of permanent op die vensterglas van 'n gebou gevef of daaraan vasgemaak is.

“**veranda**” sluit ’n kantelondak en sonblinding in.

“**verkeersein**” ’n padverkeersein soos bepaal in die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996).

“**verkeersimpakbeoordeling**” (VIB) ’n studie wat deur ’n geregisteerde professionele ingenieur met bewysbare ondervinding op die gebied van verkeersingenieurswese onderneem is en wat die impak wat ’n voorgestelde teken op voertuig-, voetganger-, fietsryersveiligheid en verkeerswerkinge kan hê ondersoek, welke studie enige maatreëls behoort aan te beveel om sodanige impak te verlig.

“**verkeerskruising met waarskuwingstekens**” ’n kruising wat deur verkeerseine beheer word.

“**verkeerstekens**” ’n padverkeerstekens soos bepaal in die Nasionale Padverkeerswet 1996 (Wet 93 van 1996).

“**vertoon**” die vertoon van ’n teken en sluit die oprigting van enige reklamebord, teken of struktuur in wat uitsluitlik of hoofsaaklik vir die ondersteuning van ’n teken of aanplakbord bedoel is, en sluit die vertoon van ’n teken van ’n besigheid, handelsvennootskap of individu in wat met die inhoud van die teken of die teken self verband hou en “**vertoning**” het ’n ooreenstemmende betekenis.

“**vervoerderterminusse**” enige area wat deur die Munisipaliteit as sodanig aangewys is, waar die formele verwisseling van openbare vervoermiddele deur die publiek plaasvind, insluitend maar nie slegs aangewese spoorwegstasies, amptelike taxi- en busterminusse.

“**voortdurende misdryf**” ’n misdryf ingevolge hierdie Verordening wat voortduur na die verstryking van die kennistydperk, waarna in ’n waarskuwing verwys wat ingevolge hierdie Verordening beteken is.

“**vryhoogte**” met betrekking tot ’n teken, die vertikale afstand tussen die laagste rand van die teken en die natuurlike vlak van die omliggende grond, looppad of rypad onmiddellik onder die teken.

“**wet**” enige wet, proklamasie, ordonnansie, Wet van Parlement of Provinsiale Wetgewer, of enige ander wetsvoorskrif wat regs krag het.

“**winkel**” ’n gebou wat vir kleinhandel of –dienste gebruik word.

2. Beginsels

- 2.1 Om die sensitiewe omgewingsgehalte van elke gebied te handhaaf.
- 2.2 Om die estetiese sensitiwiteit van die omgewing te bevorder.
- 2.3 Om ’n ewewig tussen geleenthede vir buiterekame en ekonomiese ontwikkeling aan die een kant, en die bewaring van visuele, toeriste-, omgewings- en erfeniskenmerke asook verkeersveiligheid aan die ander kant, te vind.
- 2.4 Om te poog dat buiterekame die integriteit van die terrein waarop dit vertoon word respekteer, en die karakter van die plek waar dit vertoon word, aanvul.
- 2.5 Om erkenning te verleen aan die aansienlike hoeveelheid tegniese besonderhede wat van toepassing is op spesifieke soorte tekens en hul effek op spesifieke plekke.

HOOFSTUK 1

3. Indiening van aansoeke

- (1) Behalwe vir die tekens waarna verwys word in artikel 13(3) tot 13(11) hieronder, mag niemand enige advertensie vertoon of enige teken vir advertensiedoeleindes oprig of gebruik sonder die Munisipaliteit se goedkeuring ingevolge hierdie Verordening en enige ander toepaslike wetgewing nie.

- (2) Elkeen wat van voornemens is om 'n nuwe teken te vertoon of 'n bestaande goedgekeurde teken te verander of iets daartoe by te voeg of 'n plan vir tekens ingevolge 'n terreinontwikkelingsplan indien, moet skriftelik by die Munisipaliteit aansoek doen, welke aansoek van die volgende inligting in tweevoud vergesel moet word –
- (a) 'n terreinplan geteken op 'n skaal van nie kleiner as 1:200, wat aantoon—
- (i) die terrein waarop die teken opgerig of vertoon gaan word;
 - (ii) die posisie van die teken en die gebou, indien enige, waaraan dit vasgemaak gaan word;
 - (iii) elke gebou en bestaande tekens op die perseel;
 - (iv) huidige en voorgestelde terreinuitleg, verkeerseine en verkeerstekens; en
 - (v) die ligging, met afmetings van die teken in verhouding tot die grense van die terrein en die ligging van die strate aangrensend aan die terrein, tesame met bestaande goedgekeurde soneringsvoorwaardes;
- (b) 'n tekening wat aan die vereistes van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977) voldoen en voldoende besonderhede toon om die Munisipaliteit in staat te stel om die voorkoms van die teken en al die betrokke konstruksiebesonderhede te oorweeg, insluitend 'n beskrywing van die materiaal waaruit die teken gemaak gaan word, die kleure wat gebruik gaan word, en of die teken verlig gaan word al dan nie; in laasgenoemde geval moet die plan aandui of die teken 'n elektroniese teken is of nie, en indien wel, moet volledige besonderhede verstrek word;
- (3) Die tekening waarna verwys word in subartikel 2(b), moet gedetailleerde tekeninge van sodanige teken insluit op 'n skaal van nie kleiner as 1:20 nie en 'n terreinplan wat die posisie van die teken op die terrein aandui op 'n skaal van nie kleiner as 1:50 nie;
- (4) Indien 'n teken aan die muur of fasade van 'n gebou vasgemaak of vertoon gaan word, kan die Munisipaliteit vereis dat 'n addisionele tekening, geteken op 'n skaal van nie kleiner as 1:100 nie en ingedien word wat die volgende aantoon:
- (i) 'n aansig van die gebou in kleur;
 - (ii) die besonderhede en posisie van die voorgestelde teken; en
 - (iii) die besonderhede en posisie van elke bestaande teken op die gebou; alternatiewelik kan die Munisipaliteit 'n kleur-afdruk of 'n kunstenaar se fotografiese of rekenaargegenereerde afdruk van die gebou vereis met die besonderhede van die voorgestelde teken wat op sodanige grafika gesuperponeer word en wat so na as wat prakties moontlik is op dieselfde skaal as dié van die grafika geteken is.
- (5) Indien die aansoeker nie die geregistreerde eienaar is van die eiendom waarop die teken opgerig staan te word nie, moet die aansoeker die skriftelike toestemming verkry van die geregistreerde eienaar van die grond of gebou waarop die teken opgerig staan te word en bevestiging van daardie persoon se kennis van die aansoek.
- (6) Die Munisipaliteit kan vereis dat enige of die volgende ondersoeke of beoordelings ingedien word:
- (a) 'n Omgewingimpakbeoordeling (of die 1ste stadium daarvan, synde die voltooiing van 'n Omgewingsoorsiglys, of in sy geheel),
 - (b) 'n Erfenisimpakbeoordeling; en
 - (c) 'n Verkeersimpakbeoordeling.
- (7) Indien 'n gemeenskap of gedeelte daarvan, of 'n persoon deur die voorgestelde teken geraak gaan word, kan 'n openbare deelnameproses voor die oorweging van goedkeuring vereis word.

- (8) Die Munisipaliteit mag 'n reklame meesterplan vereis ten opsigte van enige ontwikkeling waar die oprigting van verskeie tekens beoog word of waar die rasionalisering van voorheen goedgekeurde tekens vereis word om hom in staat te stel om 'n konsekwente ontwerp meesterplan voor die beoordeling van enige afsonderlike teken te oorweeg.
- (9) Die Munisipaliteit moet die aansoeker binne 21 werksdae vanaf die datum waarop die oorspronklike aansoek ingedien en die aansoekgelde betaal is, in kennis stel van enige addisionele vereistes.
- (10) Die Munisipaliteit moet 'n afskrif van elke dokument wat aan hom as deel van 'n aansoek voorsien word, behou.
- (11) Die Munisipaliteit kan skriftelike kennisgewing vereis van die aansoeker of persoon wat 'n goedgekeurde teken oprig, dat sodanige teken opgerig is.

4. Fooie en algemene faktore met die oorweging en goedkeuring van aansoeke, wysigings en voorwaardes.

- (1) Elkeen wat by die Munisipaliteit aansoek doen om goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, moet by die indiening van die aansoek die aansoekfooie betaal soos deur die Munisipaliteit bepaal en geen teken mag opgerig word alvorens die voorgeskrewe gelde ten volle betaal is nie.
- (2) Wanneer 'n aansoek vir die vertoon van 'n advertensie of die oprigting van 'n teken, of die wysiging van 'n goedkeuring of voorwaarde wat by 'n goedkeuring voorgeskryf is oorweeg word, kan die Munisipaliteit die volgende faktore in ag neem:
 - (a) Die gebied van beheer waarin die voorgestelde teken opgerig of vertoon gaan word soos uiteengesit in Skedule 1; met dien verstande dat indien 'n teken in meer as een gebied van beheer val of indien 'n beoogde terrein wat in een gebied van beheer geleë is 'n impak op 'n aanliggende gebied van beheer kan hê, die Munisipaliteit die reg sal hê om die gebied van beheer wat op daardie aansoek betrekking het, te bepaal;
 - (b) Die ligging of landskap en die reklamegeleentheid wat op daardie gebied van beheer betrekking het;
 - (c) Die aantal tekens wat reeds op die erf en in die omliggende gebied van die betrokke erf vertoon word of vertoon gaan word;
 - (d) Die bevindings van enige Verkeersimpakbeoordeling, Omgewingsimpak- of Erfenisimpakbeoordeling en openbare deelnameprosesse waar van toepassing;
 - (e) Terreingebonde tekens moet verband hou met die wettige gebruik van 'n eiendom met dien verstande dat geen sodanige teken op woonpersele of gedeeltes daarvan aangebring of daarop geplaas mag word nie behalwe soos deur of vir tuisnywerhede en wettige tydelike gebruike toegelaat word; en
 - (f) dat geen teken of reklame so ontwerp of vertoon word dat-
 - (i) dit 'n gevaar vir enige persoon of eiendom inhou;
 - (ii) dit enige materiaal of grafika sal vertoon wat nie voldoen aan die vereistes van die Reklamestandaarde Owerheid van Suid-Afrika nie;
 - (iii) dit nadelig is vir die omgewing of aantreklikheid van die buurt vanweë grootte, intensiteit, frekwensie, beligting, gehalte van die ontwerp, materiaal, voorgestelde grafika of ligging nie;
 - (iv) dit enige ander tekens wat ingevolge hierdie Verordening of sy voorganger goedgekeur is, sal belemmer nie; en
 - (v) dit nadelig sal wees of andersins 'n negatiewe impak op die omgewing sal hê, hetsy kunsmatig of natuurlik.

- (3) Onderhewig aan die voorwaardes vervat in Skedule 16, mag enige nuwe tekens of reklamestrukture, goedgekeur ingevolge hierdie Verordening of enige daaropvolgende Verordening, ononderbroke vertoon word vir solank dit voldoen aan die vereistes van hierdie Verordening of enige ander toepaslike wetgewing.

5. Faktore met betrekking tot spesifieke tekens, gebiede van beheer en kommersieel geborgde tekens

- (1) Die Munisipaliteit kan, benewens die faktore wat in artikel 4 hierbo uiteengesit is, sekere spesifieke minimum standaarde tekentipes en beoogde liggings toepas wanneer 'n aansoek om goedkeuring ten opsigte daarvan gedoen word en sal sekere spesifieke kriteria op aansoeke vir die oprigting van tekens deur nie-winsgewende liggame toepas.
- (2) Die spesifieke standaarde en kriteria word in Skedules 1 tot 23 van hierdie Verordening uiteengesit. Die skedules is deel van die Verordening en is nie minder belangrik as die inhoud van die Verordening self nie.
- (3) Skedule 1 van hierdie Verordening dui die gebiede van beheer aan waarin spesifieke tekentipes toegelaat kan word, maar altyd onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening en verder onderhewig aan enige addisionele vereiste wat betrekking het op 'n spesifieke teken tipe soos in die skedules van die Verordening uiteengesit.
- (4) Die beskrywing van gebiede of roetes in Skedule 1 moet saamgelees word met die definisies soos vervat in die Munisipaliteit se soneringskema regulasies.
- (5) Die Munisipaliteit kan 'n vrystelling van die voorwaardes van hierdie Verordening toestaan ten opsigte van die soorte tekens of gebiede van beheer soos uiteengesit in Skedules 10, 11 en 12 hiervan met betrekking tot—
 - (a) die gebied van beheer waar die teken(s) vertoon gaan word;
 - (b) die aard van die byeenkoms;
 - (c) die duur van die oprigting of vertoon van die teken;
 - (d) die grootte van die voorgestelde teken;
 - (e) enige verkeers-, veiligheids-, omgewings- of erfenisimpakbeoordeling; en
 - (f) die uitkomst van enige openbare deelnameproses.

HOOFSTUK 2

6. Standaardvoorwaardes vir goedkeuring

- (1) Alle tekens en reklamestrukture moet behoorlik opgerig en gebou word en van die vereiste sterkte wees, veilig wees en aan die vereistes van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977) wat daarop betrekking het, voldoen.
- (2) Die aansoeker aan wie goedkeuring verleen is en die eienaar van die eiendom of die gebou waarop dit aangebring word, is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die instandhouding daarvan en moet minstens een inspeksie daarvan per jaar onderneem met die oog daarop om hulle van die veiligheid daarvan te vergewis.
- (3) Waar enige teken of reklamestruktuur geskend word of skeur of beskadig raak of andersins vervalde word, moet die aansoeker aan wie goedkeuring verleen is en die eienaar van die toebehoorsel of eiendom waaraan of waarop 'n teken aangebring is, dit regmaak binne 7 werksdae vanaf 'n skriftelike kennisgewing om dit te doen.
- (4) Alle tekens en hulle steunstrukture moet uit vuurvaste, duursame materiaal wat vir die funksie, aard en permanensie van die teken geskik is, gebou word.

- (5) Alle glas wat vir 'n teken gebruik word, behalwe glas wat vir verligting gebruik word, moet veiligheidsglas wees wat minstens 3mm dik is.
- (6) Glaspanele wat vir 'n teken gebruik word mag nie 0.9m² in oppervlakte oorskry nie, en elke paneel moet stewig aan die romp van die teken, struktuur of toestel vasgemaak word, los van al die ander panele.
- (7) Elke teken en sy steunstruktuur moet in 'n goeie toestand gehou word.
- (8) Geen teken mag so geplaas word dat dit die oop- of toemaak van enige venster of opening wat vir ventilasie van 'n gebou voorsien word, belemmer nie, of enige trap of deur of ander uitgang van die gebou belemmer nie, of die beweging van mense van een deel van 'n dak na 'n ander verhoed nie.
- (9) Geen reklamestruktuur mag nader aan oorhoofse elektriese toerusting wees as die minimum afstand wat voorgeskryf word deur die Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid, Wet 85 van 1993.

7. Elektriese vereistes

- (1) Alle tekens wat 'n elektriese aansluiting benodig moet verkieslik vanaf die bestaande elektriese toevoer op die erf waarop dit opgerig gaan word, voorsien word. Indien dit nie moontlik is nie, moet daar by die betrokke owerheid om elektrisiteitstoevoer wat met 'n meter gemeet word, aansoek gedoen word.
- (2) Elke teken in verband waarmee elektrisiteit gebruik word, moet van gepaste kondensators voorsien word om steuring met radio- en televisie-ontvangs te voorkom.
- (3) Elke kragkabel en leipyp wat elektriese geleiers ten opsigte van 'n teken bevat, moet so geplaas word en so vasgemaak word dat dit veilig, onsigbaar, ontoeganklik en kinders en diere bestand is.
- (4) Elke interne hoëspanningsinstallasie wat sonder toesig werk (soos 'n vensteruitstalling) en elke eksterne hoëspanningsinstallasie moet 'n aanvaarbare tipe brandweer skakelaar hê in ooreenstemming met die vereistes soos bepaal in artikel 6.7.2 en 7.5 van SANS 0142 1993, uitgevaardig ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid.

8. Verligtingsvereistes

- (1) Die Munisipaliteit kan 'n verligte teken goedkeur, met dien verstande dat daar aan die bepalings van hierdie Verordening voldoen word en dat sodanige verligting nie 'n padveiligheidsgevaar of oormatige ligverspilling veroorsaak nie.
- (2) Tekens mag nie verlig word as geen tekeninhoud vertoon word nie.
- (3) Vereistes vir interne verligting of elektroniese tekens:
 - (a) Interne verligte en elektroniese tekens mag slegs in gebiede van gedeeltelike en minimum beheer vertoon word en moet minder as 2.1m² wees. Daar kan van die voorwaarde ten opsigte van die grootte tot 'n maksimum grootte van 4.5m² in enige sodanige gebied afgesien word by ontvangs van 'n Omgewings- en Erfenis-impakbeoordeling wat aandui dat geen nadelige impak deur die voorgestelde vertoning veroorsaak sal word nie, of tot enige ander grootte wat deur die Munisipaliteit gespesifiseer word in 'n gebied wat deur die Munisipaliteit as 'n gebied aangewys word waarin verligte of elektroniese tekens aangemoedig word.
 - (b) Elektroniese tekens mag nie subliminale flitse hê nie.

- (c) Die Munisipaliteit kan voor die oprigting vereis dat 'n Verkeersimpakbeoordeling, Omgewingsimpakbeoordeling en Erfenisimpakbeoordeling onderneem word, welke resultate moet aandui dat geen nadelige impak op verkeer verwag word nie. Daarbenewens kan die Munisipaliteit daaropvolgende verkeersmonitering van enige intern verligte of elektroniese teken vereis.
- (4) Vereistes vir eksterne verligting:
 - (a) Die ligbron wat van spreiligte afkomstig is mag nie vir verkeer in beide rigtings sigbaar wees nie;
 - (b) Spreiligte mag nie so geplaas word dat dit enige oormatige ligverspilling verby die oppervlakte area van die teken veroorsaak nie; en
 - (c) Gebruiksregte moet deur die Direkteur Infrastruurdienste of sy/haar gevolmagtigde goedgekeur word alvorens enige uitgrawings vir die installering van tekens gedoen word. Dit is ook van toepassing op tekens wat in die omgewing van oorhoofse kragpale opgerig word.

9. Verkeersveiligheidsvereistes

- (1) Tekens mag nie in 'n gebied opgerig word waar hulle 'n onaanvaarbare afleiding vir bestuurders is nie, welke aanvaarbaarheid beoordeel mag word ingevolge die riglyne soos neergelê in die S A Handleiding vir Padverkeerstekens.
- (2) Elektroniese tekens word nie toegelaat waar hulle vanaf klas 2 of 3 paaie, 'n poortroete of uitsigpad sigbaar is nie tensy dit skriftelik deur die Munisipaliteit goedgekeur word nie.
- (3) Reklame op brue, torings, telekommunikasiemaste, kragmaste of straatpale sal nie toegelaat word nie.
- (4) Die grafiese inhoud van 'n teken mag nie die potensiaal hê om visueel as 'n padverkeersteken vertolk te word, vanweë enige van die volgende faktore nie, maar nie slegs die volgende faktore nie:
 - (a) enige gestileerde of prentuitbeelding van 'n padverkeersteken of verkeersein;
 - (b) enige woord, simbool, logo of ander toestel wat op 'n padverkeersteken gebruik word;
 - (c) die gebruik van kombinasies van kleure wat vir padverkeerstekens gespesifiseer is, op 'n manier wat tot verwarring kan lei; en
 - (d) enige weerkaatsende verf of materiaal;
- (5) Tekens mag nie in 'n gebied opgerig word waar die verkeersvolume, die gemiddelde volgfafstand of ongeluksrekords 'n hoër versigtigheidsgraad van bestuurders vereis nie.
- (6) Tekens mag nie aan 'n padverkeersteken of verkeersein waarvoor daar spesifiek in die Suid-Afrikaanse Padverkeerstekenhandleiding of die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap se Padverkeerstekenhandleiding voorsiening gemaak word, aangebring word of dit belemmer nie.
- (7) Tekens mag nie binne die padreserwe van enige openbare pad opgerig word tensy dit deur die Munisipaliteit goedgekeur is nie.
- (8) Waar tekens by gesinjaleerde kruisings geplaas word, mag daar nie van die kleure rooi of geel of groen as die hoofkleure gebruik gemaak word nie en mag die tekens nie enige padverkeersteken of verkeersein belemmer nie.
- (9) Elektroniese tekens word nie binne 80 m van die buiterand van 'n gesinjaleerde verkeerskruising toegelaat nie.

- (10) Flitsende of bewegende of veranderlike oorgangsboodskappe met 'n boodskapsveranderingstussenpose van meer as 0.3 sekondes of wat oorgangseffekte tussen die verandering van boodskappe het, sal nie toegelaat word indien dit van 'n openbare pad sigbaar is nie.
- (11) Eenvoudige oorgangtekens met statiese vertonings moet 'n volledige raamwerk vir 'n inligting sikluslengte van nie minder nie as 60 sekondes vertoon wanneer dit van 'n gesinjaleerde verkeerskruising sigbaar is en 30 sekondes by ander liggings.
- (12) Alle tekens wat groter is as 4.5 m² en langs 'n openbare pad of in 'n spoorwegreserwe opgerig word met die doel om te adverteer vir persone wat klas 2 en 3 paaie gebruik, moet 'n minimum gespesifiseerde afstand van enige ander teken of padverkeersteken gespaseer word, welke afstand parallel met die middellyn van die ryvlak, in ooreenstemming met Tabel 1 hieronder, gemeet moet word:

TABEL 1: LINIÛRE RUIMTE TUSSEN TEKENS

Geval	Vereiste ruimte wanneer sigbaar vir verkeer op 'n pad met 'n spoed van:		
	≤ 60 km/h	61 – 80 km/h	81 – 120 km/h
Waar 'n teken 'n padteken volg	120 m	200 m	300 m
Waar 'n teken 'n teken volg	250 m	250 m	300 m
Waar 'n teken 'n padteken voorafgaan	40 m	70 m	100m

- (13) Die minimum afstande wat in Tabel 1 hierbo gespesifiseer word, kan deur die Munisipaliteit verminder word indien die teken binne 'n gebied van minimum beheer val, of in ander gebiede van beheer by indiening van 'n verkeersimpakbeoordeling wat 'n vermindering van hierdie spasiëring motiveer tot bevrediging van die Munisipaliteit. Die Munisipaliteit mag 'n lys of kaart van aangewese gebiede voorberei waarin bogenoemde spasiëeringsvereistes nie van toepassing is nie.

10. Regsvereistes

Alle tekens wat opgerig of binne die regsgebied van die Munisipaliteit vertoon word moet benewens hierdie Verordening, aan alle ander toepaslike wetgewing voldoen, insluitende enige toepaslike soneringskemaregulasies of goedkeuringsvoorwaarde van enige afwyking van die toepaslike soneringskemaregulasies.

11. Goedkeuring

- (1) Die Munisipaliteit kan enige aansoek weier of goedkeur onderhewig aan die voorwaardes wat met die oprigting of gebruik van die teken verband hou en insluitende 'n voorwaarde dat die eienaar van enige teken of reklamebord op die grond of gebou waarop dit opgerig of vertoon word, of beide sodanige eienaars of die persoon wie se produk of dienste geadverteer word, die Munisipaliteit teen enige gevolge wat uit die oprigting, vertoning of blote teenwoordigheid van sodanige teken ontstaan, vrywaar.

- (2) Die Munisipaliteit kan te eniger tyd die goedkeuring wat ingevolge hierdie of 'n vorige Verordening verleen is, terugtrek of enige voorwaarde wysig of 'n verdere voorwaarde ten opsigte van sodanige goedkeuring oplê, indien 'n teken of reklamestruktuur:
 - (a) bouvallig is;
 - (b) vir meer as 90 opeenvolgende dae nie gebruik word nie;
 - (c) oorbodig of uitgedien raak;
 - (d) nie meer aan enige bepaling van hierdie Verordening voldoen nie; of
 - (e) aansienlik van die oorspronklike goedgekeurde aansoek afwyk wat die struktuur of die grafiese inhoud daarvan betref.
- (3) Indien 'n teken nie binne 12 maande vanaf die datum van goedkeuring of binne sodanige ander tyd soos wat in die goedkeuring voorgeskryf word, opgerig word nie, verval die goedkeuring tensy daardie tydperk voor verstryking skriftelik deur die Munisipaliteit verleng word.
- (4) Indien die struktuur wat sodanige teken ondersteun, voor die verstryking van die goedkeuringstydperk afgebreek word, verval die goedkeuring en geen verdere teken of ondersteuningstruktuur mag opgerig word of heropgerig word sonder die Munisipaliteit se goedkeuring nie.
- (5) Alle besluite deur die Munisipaliteit ingevolge hierdie Verordening rakende aansoeke, moet skriftelik wees en binne 60 kalenderdae vanaf die datum waarop 'n voltooid aansoek ontvang of binne 60 kalenderdae na die ontvangs van enige addisionele inligting soos deur die Munisipaliteit versoek.
- (6) Wanneer 'n applikant van 'n besluit ingevolge subartikel (5) in kennis gestel word, moet die Munisipaliteit die applikant, asook enige beswaarmaker teen die toestaan van sodanige aansoek, in kennis stel van sy of haar reg tot appèl ingevolge artikel 12.

HOOFSTUK 3: ALGEMENE BEPALINGS

12. Appèl

Enige persoon wie se regte, deur 'n besluit van die Munisipaliteit, geraak word, kan ingevolge artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, teen sodanige besluit appelleer deur binne 21 dae van die datum van die kennisgewing van die besluit skriftelike kennis van die appèl en redes aan die Munisipale Bestuurder te gee.

13. Tekens waarvoor die Munisipaliteit se goedkeuring nie benodig word nie

- (1) Indien enige teken nie aan die voorwaardes met betrekking tot elke tekentipe wat hieronder gelys word voldoen nie, word 'n aansoek ingevolge artikel 3 vereis.
- (2) Onderhewig aan die voldoening van die voorwaardes met betrekking tot elke tipe teken wat in subartikels (3) tot (11) gelys word, en enige ander toepaslike wetgewing of voorwaarde wat deur die Munisipaliteit opgelê word, word geen aansoek om goedkeuring ingevolge hierdie Verordening ten opsigte van die tekens genoem in subartikels (3) tot (11) benodig nie.
- (3) Ontwikkelingsborde
 - (a) Ontwikkelingsborde moet onmiddellik verwyder word wanneer boubedryghede voltooi is of as boubedryghede beëindig word, of wanneer die verskaffing van die dienste, die werkery of die voorsiening van die goedere waarop die teken betrekking het, opgehou het;

- (b) Die Munisipaliteit kan die verwydering van enige sodanige teken gelas indien die boubedrywighede feitlik voltooi of beëindig is of 'n bewoningssertifikaat deur die Munisipaliteit uitgereik is, of die verskaffing van die dienste, werkery of die voorsiening van die goedere waarop dit betrekking het, vir alle praktiese doeleindes opgehou het, en sodanige tekens moet dan onmiddellik verwyder word, maar nie later nie as 5 dae na die datum van die opdrag om dit te verwyder.
 - (c) Indien die perseel waarop boubedrywighede aan die gang is, heeltetal vir woondoeleindes gebruik gaan word, mag slegs een ontwikkelingsbord vertoon word en sodanige ontwikkelingsbord mag nie 3m² in totale oppervlakte oorskry nie;
 - (d) Indien die perseel nie heeltetal vir woondoeleindes gebruik gaan word nie, mag hoogstens twee ontwikkelingsborde opgerig word wat nie 5m² in totale oppervlakte oorskry nie;
 - (e) Indien die teken, hetsy op losstaande borde of buigsame bou- bedekkingsmateriaal, enige ander vorm van derdepartyreklame insluit, moet sodanige teken aan die bepalinge van Skedule 8 voldoen en goedkeuring vir die vertoon daarvan moet eers ingevolge hierdie Verordening verkry word.
- (4) Te Huur en Te Koop-tekens
- (a) Dit sluit enige teken in wat nie 400mm x 500mm in totale oppervlakte oorskry nie en wat vertoon word by die bestaande perseel of op eiendomme waarop 'n nuwe gebou opgerig word, en wat met huisvesting verband hou wat in die gebou te huur of te koop aangebied word,
 - (b) Op voorwaarde dat enige sodanige teken binne 2 weke na die datum waarop die okkupasiesertifikaat uitgereik is of 'n kontrak afgehandel is, verwyder word.
- (5) Saketekens op die perseel
- Hierdie tekens sluit enige onverligte teken in wat nie oor 'n openbare pad uitsteek nie en nie 0.2m² in totale oppervlakte oorskry nie en wat slegs die tipe handel, besigheid, nywerheid of beroep wat wettig bedryf word deur enige bewoner of permanente inwoner van die perseel waarop dit aangebring is, die naam van sodanige bewoner, die tipe aktiwiteit, die adres en telefoonnommer van sodanige perseel en die diensure (indien enige) bekend maak; met dien verstande dat slegs een sodanige teken per bewoner vertoon mag word.
- (6) Venstertekens
- Hierdie tekens sluit enige terreingebonde tekens in wat tydelik of permanent op die vensterglas van 'n gebou wat vir kommersiële, kantoor-, nywerheids- of vermaaklikheidsdoeleindes gebruik word, geverf of vasgemaak is, of enige ander tydelike of permanente teken wat binne 2 meter van enige venster of eksterne opening vertoon word waardeur dit van die buitekant van sodanige gebou sigbaar is, op voorwaarde dat geen vensterteken groter as 4.5m² in 'n gebied van maksimum beheer mag wees nie.
- (7) Tekens wat deel vorm van die voorkant van 'n gebou
- Enige teken wat 'n integrale deel van die materiaal van 'n gebou vorm (met uitsluiting van 'n geverfde teken of 'n teken wat op enige manier aan die gebou vasgemaak is), op voorwaarde dat geen sodanige teken groter as .2 m² in totale oppervlakte mag wees nie.
- (8) Tekens op sportvelde
- Behalwe wanneer dit vanaf uitsigpaaie sigbaar is, sal enige teken wat om die buiterand van 'n sportveld opgerig word, tot 'n maksimum grootte van 2 x 1 meter elk, toegelaat word, met dien verstande dat groter tekens waarvan die voorkant op die veld uitkyk, en wat nie van enige ander openbare plek sigbaar is nie, ook toegelaat word.

- (9) **Sekuriteitstekens**
Enige sekuriteitsteken wat nie oor 'n openbare pad uitsteek nie en wat nie 0.2m² in totale oppervlakte oorskry nie en wat aandui dat 'n sekuriteitswagskema in werking is of dat 'n sekuriteitsmaatskappy gekontrakteer is om die perseel waarop die teken vertoon word, te beskerm, op voorwaarde dat—
- (a) slegs een sodanige teken op enige openbare pad of elke straatfront van sodanige perseel vertoon word; en
 - (b) die genoemde tekens slegs die naam, logo, adres en telefoonnommer van 'n sekuriteitsmaatskappy vertoon wat gekontrakteer is om die perseel waarop die teken vertoon word te beskerm.
- (10) **Geborgde, Kommersieel geborgde tekens en tekens van nie-winsgewende liggame, minder as 4.5m²;**
- (a) Enige sodanige teken, hetsy dit deur of in verband met 'n nie-winsgewende liggaam opgerig word al dan nie, wat nie 4.5m² in totale oppervlakte oorskry nie, op voorwaarde dat nie meer as 5% van die totale oppervlakte van die teken vir derdepartyreklame gebruik word nie, en die teken nie verlig is nie en verder op voorwaarde dat slegs een sodanige teken per erf toegelaat word.
 - (b) Advertensies wat aan die bepalinge van subartikel (a) voldoen, kan wanneer dit op munisipale grond opgerig word, eers opgerig word wanneer 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit aangegaan is waarin daar met die Munisipaliteit ooreengestem is oor die omvang van die gemeenskaps- of openbare voordeel daarvan.
 - (c) Alle ander geborgde tekens word in Skedules 16 en 17 behandel.
- (11) **Advertensies op voertuie**
Advertensies wat regstreeks op die bak van 'n motorvoertuig gevef of vasgemaak is.

14. Ontsiering

Niemand mag die voorkant of front van enige straat, padverkeersteken, muur, heining, grond, rots, boom of ander natuurlike voorwerp, of die voorkant of front of dak van enige gebou of struktuur op enige wyse hoegenaamd vernietig, skade aandoen, beskadig, skend of ontsier nie, gedurende konstruksie of deur die vertoon of gebruik van 'n teken of die skryf of verf van enige teken, simbool, letters of syfers.

Voorts mag niemand enige teken wat wettiglik ingevolge hierdie Verordening vertoon word, ontsier nie.

15. Skade aan Munisipale eiendom

Niemand mag met die oprigting of verwydering van enige teken of banier, skade aan enige boom, elektriese paal of diens of ander Munisipale installasie of eiendom en straattoerusting veroorsaak nie.

16. Toegang en inspeksies

Die Munisipaliteit het die reg, deur sy behoorlik gemagtigde beamptes, om enige perseel op 'n redelike tyd te betree met die doel om enige inspeksie uit te voer wat vir die behoorlike bestuur en toepassing van die bepalinge van hierdie Verordening nodig mag wees.

17. Misdrywe en strafbepaling

- (1) 'n Persoon wat enige bepaling van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen of versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing uitgereik ingevolge hierdie Verordening, pleeg 'n misdryf en kan by skuldigbevinding—
 - (a) 'n boete of gevangenisstraf opgelê word, of sodanige boete of gevangenisstraf, of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf; en
 - (b) in die geval van 'n voortgesette misdryf, 'n bykomende boete of 'n bykomende tydperk van gevangenisstraf of sodanige bykomende gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete of beide sodanige bykomende boete en gevangenisstraf vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur; en
 - (c) 'n verdere bedrag gelyk aan enige koste en uitgawes wat die hof bevind deur die Munisipaliteit aangegaan is weens sodanige oortreding of versuim.
- (2) 'n Persoon pleeg 'n misdryf indien hy of sy—
 - (a) 'n werknemer of kontrakteur van die Munisipaliteit in die uitvoering van enige magte of die verrigting van enige funksie of plig ingevolge hierdie Verordening dreig, teenstaan, hinder, belemmer of hom of haar andersins pla of vuil taal of skeltaal teenoor hom of haar gebruik; of
 - (b) hom of haar as 'n werknemer of kontrakteur van die Munisipaliteit voordoen.

18. Aannames

Enigiemand wat ingevolge hierdie Verordening van 'n misdryf beskuldig word en wat—

- (a) alleen of gesamentlik met enige ander persoon verantwoordelik vir die organisering van of in beheer is van enige vergadering, funksie of byeenkoms waarmee 'n teken of plakkaat verband hou, sal totdat die teendeel bewys word, verantwoordbaar gehou word vir die vertoon van teken of plakkaat wat in verband met sodanige vergadering, funksie of byeenkoms vertoon word, of dat so 'n persoon/persone veroorsaak het of toegelaat het dat dit vertoon word;
- (b) die persoon is wie se naam op 'n onwettige teken verskyn of wie se produk of dienste op sodanige teken geadverteer word, sal totdat die teendeel bewys word, verantwoordbaar gehou word vir die vertoon van sodanige teken, of dat so 'n persoon/persone veroorsaak het of toegelaat het dat dit vertoon word tensy die teendeel bewys word.
- (c) die eienaar is van enige grond of gebou waarop enige onwettige teken vertoon is of vertoon word, sal totdat die teendeel bewys word, geag word sodanige teken te vertoon, of veroorsaak of toelaat dat dit vertoon word.

19. Afdwinging en verwydering van tekens

- (1) Indien enige teken wat vertoon word strydig is met hierdie Verordening, kan die Munisipaliteit sonder om afstand te doen van die reg of aansluitend by die reg om wetlike stappe te neem of vervolg, 'n kennisgewing aan die eienaar of huurder van die teken, of die grondeienaar of bewoner op wie se grond die teken opgerig is of vertoon word, of die persoon wie se produk of dienste geadverteer word, beteken om binne 'n gespesifiseerde tydraamwerk sodanige teken te verwyder of sodanige verandering daaraan aan te bring, of sodanige werk te doen wat in sodanige versoek of kennisgewing gespesifiseer word.

- (2) 'n Kennisgewing beteken ingevolge subartikel (1) kan deur die Munisipaliteit teruggetrek of verander word met toestemming van die persoon aan wie dit beteken is, of by versuim van sodanige toestemming, met die betekening van 'n verdere kennisgewing.
- (3) Indien die eise van die Munisipaliteit soos in die kennisgewing uiteengesit, nie binne die gespesifiseerde tydperk uitgevoer word nie, kan die Munisipaliteit sonder verdere kennis aan die betrokke persoon die teken verwyder of verander of sodanige werk doen wat in sodanige kennisgewing gespesifiseer is.
- (4) Enige koste wat deur die Munisipaliteit aangegaan is met die verwydering van tekens, of deur veranderinge of ander werk te doen wat ingevolge 'n kennisgewing vereis word, kan van die persoon aan wie die kennisgewing beteken is, verhaal word.
- (5) Ongeag enige bepalings van hierdie Verordening, indien 'n teken 'n dreigende gevaar vir lewe of eiendom is, of redelik beskou kan word om dit te wees, kan die Munisipaliteit self, na 'n periode van ses (6) uur vooraf kennis, die verwydering van sodanige teken onderneem of reëlings daarvoor tref.
- (6) Enige koste wat deur die Munisipaliteit vir die verwydering of reëlings vir die verwydering van sodanige teken aangegaan word, kan van die eienaar of huurder van die teken, of die grondeienaar op wie se grond die teken opgerig is, of die persoon wie se produk of dienste geadverteer is, gesamentlik of afsonderlik verhaal word.
- (7) Onwettige of gevaarlike tekens wat deur die Munisipaliteit verwyder word, kan van die Munisipaliteit teruggeëis word by volle betaling van enige koste wat deur die Munisipaliteit met die verwydering van die genoemde teken aangegaan is, asook betaling van enige gelde wat vir die bewaring van sodanige teken opgeloop het.
- (8) Enige onwettige tekens wat deur die Munisipaliteit verwyder word en nie binne twee maande van die datum van verwydering teruggeëis word nie, kan deur die Munisipaliteit weggemaak of verkoop word om die verwyderings- of bewaringskoste te bestry.

20. Betekening van kennisgewings

- (1) 'n Kennisgewing opdrag of enige dokument wat ingevalle hierdie Verordening deur die Munisipaliteit uitgereik word, word as behoorlik uitgereik beskou indien dit deur 'n amptenaar van die Munisipaliteit onderteken is.
- (2) Waar enige kennisgewing of ander dokument ingevolge hierdie Verordening aan enige persoon beteken moet word, word dit geag behoorlik beteken te wees indien—
 - (a) dit persoonlik aan hom of haar beteken is;
 - (b) dit by die persoon se woonadres of sake-adres in die RSA, aan enige persoon klaarblyklik bo die eiendom van 16 jaar, gelaat is;
 - (c) dit met geregistreerde of gesertifiseerde pos aan sodanige persoon se bekende woon- of sake-adres gepos is en bewys van sodanige versending van die Poswese ontvang is;
 - (d) sodanige persoon se adres in die RSA onbekend is, dit beteken is aan sy verteenwoordiger of agent in die RSA op die manier beskryf in subartikels (a), (b) of (c);
 - (e) sodanige persoon se adres of dié van sy agent of verteenwoordiger in die RSA onbekend is, die kennisgewing op 'n opsigtelike plek op die grond of perseel waarop dit van toepassing is, geplaas is;
 - (f) dit 'n beslote korporasie is, dit afgelewer is by die geregistreerde sake-adres, daarvan; of
 - (g) dit op versoek van daardie persoon gestuur is aan sy of haar e-pos adres.
- (3) Betekening van 'n afskrif word beskou as betekening van die oorspronklike.

- (4) Wanneer 'n kennisgewing of ander dokument op die eienaar, huurder, of houer van eiendom of die reg in enige eiendom beteken word, is dit voldoende indien sodanige persoon in die kennisgewing of dokument beskryf word as die eienaar, huurder of houer van die eiendom of reg in eiendom en hoef hy of sy nie by name genoem te word nie.

21. Skakelforums in gemeenskappe

- (1) Die Munisipaliteit mag skakelforums in die gemeenskap stig vir die volgende doeleindes:
 - (a) aanmoediging van die plaaslike gemeenskap om deel te neem aan die implementering, ontwikkeling en toepassing van hierdie Verordening; en
 - (b) bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling, en die bewaring van die visuele-, toerisme-, omgewings- en erfenis-eienskappe van die Swellendam Munisipale gebied.
- (2) Die forums soos beskryf in subartikel (1) mag bestaan uit—
 - (a) 'n lid of lede van 'n belangegroep of 'n geaffekteerde persoon of gemeenskap;
 - (b) 'n aangewese amptenaar of amptenare van die Munisipaliteit ; en
 - (c) 'n raadslid van die toepaslike raadskomitee.
- (3) Die Munisipaliteit mag:
 - (a) 'n forum versoek om insette te lewer;
 - (b) gebruik maak van enige kundigheid of kapasiteit wat binne sodanige forum mag bestaan;
- (4) 'n Forum van persone of 'n persoon soos gedefinieer in subartikel (2) mag uit eie beweging insette aan die Munisipaliteit voorlê vir oorweging.

22. Teenstrydigheid met ander wetgewing

- (1) In die geval van teenstrydigheid tussen enige bepaling van hierdie Verordening en Nasionale- en Provinsiale wetgewing, standaard, beleid of riglyne, sal sodanige Nasionale- en Provinsiale wetgewing, standaard, beleid of riglyne voorrang geniet onderhewig aan artikels 151(3) en 156(4) van die Grondwet.
- (2) In die geval van enige teenstrydigheid tussen verskillende vertalings geld die Afrikaans teks.

23. Vrystellings

Nieteenstaande die bepalings van hierdie Verordening mag die Munisipaliteit, op skriftelike aansoek, enige persoon of klas persone vrystel van enige of al die bepalings van hierdie Verordening en tydens oorweging van sodanige aansoek om vrystelling kan enige voorwaardes of vereistes wat nodig geag word, opgelê word.

24. Herroeping van Verordeninge

Die bepalings van enige verordeninge wat voorheen deur die Munisipaliteit of deur enigeen van die afgeskafte Munisipaliteite wat nou in die Munisipaliteit geïnkorporeer is, goedgekeur was, word hiermee herroep insoverre hulle betrekking het op sake waarvoor daar in hierdie Verordening voorsiening gemaak word en insoverre dit op die Munisipaliteit van toepassing gemaak is deur die magtiging vir die uitvoering van magte en funksies ingevolge Artikel 84(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998.

25. Oorgangsbepalings ten opsigte van bestaande tekens

- (1) Enigiets wat voor die afkondiging van hierdie Verordening gedoen is, wat nie ingevolge 'n bepaling gedoen is wat in hierdie Verordening herroep is nie, en onwettig was, sal in die geval waar sodanige daad of teken nie aan die bepalings van hierdie Verordening voldoen nie, onwettig wees en sal die Munisipaliteit geregtig wees om ingevolge die bepalings van artikel 19 hiervan op te tree.
- (2) Elke wettige teken wat op die datum van afkondiging van hierdie Verordening bestaan, moet in alle opsigte daarmee in ooreenstemming gebring word binne 'n tydperk van een jaar van die datum van sodanige afkondiging. Waar enige teken na voornoemde tydperk van een jaar nie aldus daaraan voldoen nie, moet dit onverwyld verwyder word.
- (3) Waar 'n teken wat nie aan die bepalings van hierdie Verordening voldoen nie, nie binne bovermelde tydperk van een jaar daarmee in ooreenstemming gebring is nie, of waar 'n teken opgerig is wat nie daarmee in ooreenstemming is nie, kan die Munisipaliteit die eienaar daarvan gelas om sodanige teken te verwyder. By versuim om aan gemelde lasgewing te voldoen kan die Munisipaliteit self die teken verwyder en die koste daaraan verbonde van die persoon wat dit opgerig of laat oprig het, verhaal.
- (4) Wanneer 'n teken weens verandering van eienaarskap of verandering in die aard van die besigheid, nywerheid, bedryf of beroep wat op 'n perseel uitgeoefen word of weens die oprigting van nuwe verkeerseinligte of weens 'n verandering in die hoogte of posisie van enige straat, voetpad of randsteen, of weens enige ander rede hoegenaamd, nie meer aan die bepalings van hierdie Verordening voldoen nie, moet sodanige teken onmiddellik deur die persoon wat daarvoor verantwoordelik is, verwyder, uitgewis of verander word om aan hierdie Verordening te voldoen.

26. Korttitel en inwerkingtrede

Hierdie Verordening heet die Verordening insake Buitereklame en Advertensietekens en tree in werking op die datum van publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.

SKEDULE 1: GEBIEDE VAN BEHEER

MAKSIMUM Natuurlike gebied	MAKSIMUM Landelike gebied	MAKSIMUM Stedelike Gebied	GEDEELTELIK Stedelike Gebied	MINIMUM Stedelike Gebied
Geproklameerde natuurreservaat. Beskernde natuurlike omgewings . Bosbougebiede Rivierkorridors 1:100 Jaar vloedvlaktes Vleilande Privaat wildreservate	Landbou en tuinboukundige gebiede/sones en aangrensende pad- en spoor reserwes. Tuinboukundige gebiede. Landelike kleinhoewes. Uitsigpaaie. Stedelike randsones of soos omskryf in die Stedelike Randgebied beleid. Munisipale parke. Spesifieke gebiede of terreine aangewys as maksimum beheer deur middel van 'n kaart wat deur die Munisipaliteit voorberei is.	Stedelike bewarings-gebiede behalwe sentrale sakedistrik Verklaarde Erfenis-Terreine (landelik en natuurlik) Gegradeerde geboue en plekke Residensiële sones Groot privaat oop ruimte (bv. gholfbane) Ontspanningsareas Voetganger deurlope en voetgangerpleine Rivierkorridor Spesifieke gebiede of terreine wat as maksimum beheer aangewys is by wyse van 'n kaart deur die Munisipaliteit voorberei.	Sentrale Sakedistrikte, uitgesluit gebiede en geboue van besondere erfenis betekenis Gemengde gebruik handels- en residensiële gebiede Handels strook ontwikkeling en aktiwiteitskorridors Handels en besigheidsdistrikte en aangrensende pad en spoor reserwes Opvoedkundige instellings Sportvelde en stadions Vermaaks distrik of komplekse met handels sones Onbepaalde sones (Insluitende spoorweg-reserwes, vervoer gebruik- sones) Spesifieke gebiede of terreine aangewys as gedeeltelike beheer deur middel van 'n kaart wat deur die Munisipaliteit voorberei is.	Nywerheidssones Aangewese vervoerterminusse Aangewese gebiede binne onbepaalde sones Spesifieke gebiede of terreine aangewys as minimum beheer by wyse van 'n kaart wat deur die Munisipaliteit voorberei is

SKEDULE 2: REKLAMEBORDE

- (1) Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting of vertoon van reklameborde, hetsy doeltreffend of van 'n standaard ontwerp, slegs in gebiede van minimum en gedeeltelike beheer toegelaat. Daarbenewens moet reklameborde aan die volgende vereistes voldoen:
- Indien die voorgestelde erf waar die reklamebord opgerig gaan word aan 'n klas 2 of 3 pad grens, mag die reklamebord nie nader as 5 meter van die erf se grenslyn geplaas word nie. Indien die voorgestelde terrein waarop 'n reklamebord opgerig gaan word as 'n ingang is, word geen reklameborde binne die ingang toegelaat nie.
 - Dit moet aan die standaardvoorwaardes vir goedkeuring wat in hierdie Verordening uiteengesit word, voldoen.
 - Dit moet nie die grenslyn van die eiendom waarop dit opgerig is, oorskry nie, hetsy sodanige oorskrydings in die lug of op grondvlak is.
 - Dit moet 'n minimum vryhoogte van 2.4m en 'n struktuur hê wat nie 'n maksimum hoogte van 7.5m bokant die natuurlike grondvlak oorskry nie.
 - Dit mag nie 'n maksimum totale grootte van 6m x 3m (18m²) oorskry nie, met dien verstande dat twee sodanige panele op enige V-vormige enkelstruktuur toegelaat word.

- (f) Dit moet tussen die hoeke van 90° en 60° tot die rigting van aankomende verkeer vertoon word.
- (g) Dit moet 'n minimum afstand van mekaar gespasieer word soos vereis in artikel 9 van hierdie Verordening.
- (h) Indien dit by gesinjaleerde verkeerskruisings geplaas word, mag dit nie binne 50m van die perimeter van die kruising opgerig of vertoon word indien onverlig is; en nie binne 80m van die perimeter van die kruising indien dit verlig is nie.
- (i) Enige reklamebord wat aan die regterkant van 'n gedeelte van 'n pad opgerig word sodat sy grafika van 'n bestuurder wat aan die linkerkant van die pad ry, sigbaar is, sal geag word die reklamegeleentheid wat aan die linkerkant van die pad bestaan het, te vervang.
- (j) Dit moet 'n minimum letter- of nommerhoogte van 285mm hê.

SKEDULE 3: TERREINGEBONDE LOSSTAANDE EN SAMEGESTELDE TEKENS

1. Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting of vertoon van terreingebonde losstaande tekens slegs in stedelike gebiede van maksimum, gedeeltelike en minimum beheer toegelaat. Daarbenewens word terreingebonde losstaande tekens slegs in die volgende gevalle toegelaat:
 - (i) Waar sakepersele 15 meter of meer van die grens van 'n padreserwe begin;
 - (ii) Waar dit nie redelikerwys moontlik is om gepaste tekens aan 'n gebou aan te bring nie;
 - (iii) Waar sodanige teken nodig is dat die publiek die ingang tot sakepersele kan vind; en
 - (iv) Waar die bestaan van 'n losstaande samegestelde teken die vermenigvuldiging van tekens sal verhinder.
2. Terreingebonde losstaande samegestelde tekens mag nie 4.5 meter in hoogte oorskry nie en mag daarbenewens nie 4.5m² in totale oppervlakte oorskry nie. Hierdie beperking kan verslap word tot 'n maksimum hoogte van 7.5 meter en 'n maksimum totale oppervlakte van 10 m² per kant met inagneming van die volgende faktore:
 - (i) indien sodanige verhoging die aantal afsonderlike tekens wat na enige straatgrens van die terrein uitkyk, verminder, om sodoende die visuele impak op die omliggende omgewing te minimaliseer;
 - (ii) indien meer as twee belangrike paaie die betrokke terrein nader;
 - (iii) die aantal besighede wat op sodanige teken gaan adverteer;
 - (iv) die aantal toegangs- of uitgangstroetes tot die betrokke terrein;
 - (v) die toepaslike sonering van die gebied rondom die betrokke terrein;
3. Losstaande tekens by diensstasies moet terreingebonde wees en mag slegs opgerig of vertoon word by diensstasies aangrensend aan en wat regstreeks van die openbare pad waar sodanige teken opgerig word, toeganklik is, en slegs een losstaande fasiliteitteken per straatgrens sal toegelaat word;
4. Losstaande tekens by diensstasies mag nie 7.5 meter in hoogte oorskry nie en mag nie uit meer as agt advertensie panele van 4.5m² elk in totale oppervlakte bestaan nie. Hierdie beperking kan verslap word tot 'n maksimum hoogte van 16m en agt advertensie panele wat elk nie 6m² in totale oppervlakte oorskry nie met inagneming van die faktore genoem in item 2 hierbo. In areas van maksimum beheer is die maksimum hoogte van 4.5 meter van toepassing en 'n oppervlakte van 7.0m² aan weerskante.
5. In bewaringsareas asook in enkel residensiële sones sal slegs standaard terreingebonde, losstaande en samegestelde tekens toegelaat word in die formaat soos vervat in Skedule 18.

SKEDULE 4: ADVERTENSIES WAT AAN MURE VAN GEBOUE VASGEMAAK WORD: PLAT EN UITSTEEKTEKENS

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting of vertoon van plat en uitsteektekens in alle gebiede van maksimum, gedeeltelike of minimum beheer toegelaat. Daarbenewens, plat en uitsteektekens:

1. word nie binne 0.6 meter van die rand van 'n pad toegelaat nie en mag ook nie tot binne 0.6m van die rand van 'n pad uitsteek nie.
2. mag nie meer as 1.5 meter voor 'n muur uitsteek nie in die geval van 'n teken met 'n vryhoogte van meer as 7.5 meter of meer as 1 m in die geval van enige vryhoogte wat minder is nie.
3. mag nie meer as 250mm oor 'n voetpad uitsteek nie tensy sodanige teken 'n vryhoogte van meer as 2.4 meter het nie.
4. mag nie die uitsig uit enige venster of enige ander eksterne opening van enige gebou belemmer nie en geen gedeelte van enige sodanige teken mag die oop- of toemaak van enige venster, deur of ander opening belemmer nie.
5. mag nie 54m² in totale oppervlakte oorskry nie en nie 20% (in gebiede van maksimum beheer) en 30% (in gebiede van minimum en gedeeltelike beheer) of een kwart van die fasade waarop hulle aangebring of geverf is, oorskry nie, watter een ook al die minste is. Daar kan van hierdie beperking afgesien word op voorwaarde dat—
 - (a) 'n omgewingsimpakbeoordeling aan die Munisipaliteit voorgelê word wat aandui dat geen nadelige omgewingsimpak verwag word nie;
 - (b) in 'n bewaringsgebied slegs toegelaat mag word indien 'n erfenisimpakbeoordeling ingedien is wat aandui dat geen nadelige impak ten opsigte van erfenis hulpbronne verwag word nie.
 - (c) sodanige teken slegs grafika sal vertoon wat deur 'n paslik gekwalifiseerde konsultant ontwerp en geskep is.
6. mag op gemeenskaplike grensfasades van nie-residensiële geboue vir goedkeuring oorweeg sal word.
7. mag, indien die teken op openbare fasades van enige gebou verskyn—
 - (a) so ontwerp word dat dit 'n integrale deel van die ontwerp van die gebou word; en
 - (b) mag indien dit 'n derdepartyteken is, slegs toegelaat word indien dit doelgemaak is en onderhewig aan die vereistes van 5(a) tot (c) hierbo.
8. word nie op die sykante van geboue toegelaat om die gebiede van maksimum en gedeeltelike beheer nie.

SKEDULE 5: KIMTEKENS

1. Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting of vertoon van kimtekens, hetsy doelgemaak of van 'n standaard ontwerp, slegs in gebiede van minimum beheer toegelaat. Daarbenewens moet kimtekens:
 - (a) tot 'n maksimum totale grootte van 4.5m² beperk word, met dien verstande dat daar van hierdie vereiste tot 'n maksimum van 18m² afgesien kan word by ontvangs van 'n Omgewingsimpakbeoordeling wat aandui dat geen nadelige omgewingsimpak verwag word nie; en
 - (b) nie uitsig van enige ander gebou belemmer nie.

2. Kimtekens langs die boonste rand van die dak van geboue van kulturele, historiese of argitektoniese belang sal slegs toegelaat indien dit terreingebonde, onverligte tekens is en uit afsonderlik uitgesnyde letters of logo's bestaan.

SKEDULE 6: DAKTEKENS

1. Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting of vertoon van daktekens in alle stedelike gebiede van beheer, behalwe binne residensiële sones binne maksimum beheer, toegelaat.
Daarbenewens:
 - (a) moet die totale oppervlakte van enige dakteken wat gelykvlakkig op 'n dak van 'n gebou aangebring of daarop gevef is, nie een kwart van die algehele oppervlakte van die dak waarop dit aangebring of gevef is, oorskry nie.
 - (b) wanneer dit aan die onderrand van 'n dak of vertikaal halfpad op die dak van 'n gebou vasgemaak word, mag sodanige teken nie 1 meter in hoogte oorskry nie en sy totale oppervlakte mag nie 25% van die dakoppervlakte waaraan dit vasgemaak is, oorskry nie.
2. Dakteken mag langs die rand van 'n dak van 'n gebou vasgemaak word indien sodanige teken uit 'n enkellyn van afsonderlik, uitgesnyde letters bestaan, sonder sigbare verstewiging of ondersteuning maar dit mag nie langs meer as twee rande van sodanige dak opgerig word nie en mag nie 3.6m² in totale oppervlakte (6 x 0.6m) oorskry nie; met 'n maksimum hoogte van 1 meter.

SKEDULE 7: TEKENS OP 'N VERANDA, BALKON, SONDAK, STEUNKOLOMME, PILARE EN PALE

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting of vertoon van tekens op 'n veranda, balkon, sondak, steunkolomme, pilare en pale in alle gebiede van beheer toegelaat op voorwaarde dat hulle ook aan die volgende voorwaardes voldoen:

1. Geen sodanige teken word op of oor argitektoniese gedeeltes van geboue toegelaat nie.
2. Sodanige tekens kan plat op 'n borsweringsmuur, balustrade of reling van 'n veranda of balkon, balk of fassie van 'n veranda of balkon aangebring of gevef word.
3. Die teken mag nie 1 meter in hoogte oorskry nie of bokant of onder of buite enige end van die oppervlakte waarop dit aangebring is, uitsteek nie, of meer as 250mm voor die oppervlakte waarop dit aangebring is of oor 'n pad of binne 0.6m van die rand van 'n pad uitsteek nie.
4. Sodanige teken kan plat op steunkolomme, pilare en pale aangebring of gevef word. In hierdie verband mag geen teken meer as 50mm voor die oppervlakte waarop dit aangebring is, uitsteek nie en mag ook nie verby enige van die eindpunte van sodanige kolom, pilaar of paal uitsteek nie. Tekens wat plat op nie-reghoekige steunstrukture aangebring word, moet gerond wees om by die vorm van sodanige struktuur te pas.
5. Slegs een teken per kolom, pilaar of paal sal toegelaat word.
6. Sodanige teken wat onder die dak van 'n veranda, sondak of die vloer van 'n balkon opgehang word, mag nie 1.8 meter in lengte of 600mm in hoogte oorskry nie.
7. Elke sodanige teken moet reghoekig tot die boulyn wees.
8. Geen tekens wat onder 'n sondak opgehang word mag verby die eksterne rand van die sondak of veranda waaraan dit vasgemaak is, uitsteek nie.
9. Alle hangtekens moet 'n onbelemmerde hoogte van ten minste 2.4 meter hê.

10. Tekens op die dak van 'n veranda, sondak of balkon, met uitsondering van die hoofdak van 'n gebou, moet uit 'n enkellyn van losstaande, afsonderlik verstewiging uitgesnyde silhoeëtletters bestaan sonder sigbare of enige ander sigbare ondersteuningsmiddels en mag nie langs meer as twee rande van sodanige dak van 'n veranda of balkon opgerig word nie.
11. Geen sodanige teken sal in die bewaringsgebied wat binne 'n enkel residensiële sone geleë is, toegelaat word nie tensy 'n Erfenis impakbeoordeling ingedien word wat aandui dat geen negatiewe impak ten opsigte van erfenishulpbronne verwag word nie.

SKEDULE 8: TEKENS OP GRENSMURE EN HEININGS EN OP BOUTERREINOMHEININGS

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting of vertoon van tekens op grensmure en heinings slegs vir terreingebonde tekens in stedelike gebiede van maksimum, minimum of gedeeltelike beheer toegelaat en daarbenewens—

1. in stedelike gebiede van maksimum en gedeeltelike beheer, kan die Munisipaliteit 'n aansoek om 'n terreingebonde teken teen 'n grensmuur aan te bring, slegs goedkeur indien die teken in die muur ingekeep word of uit afsonderlike, onverligte, uitgesnyde letters of simbole bestaan wat plat op sodanige muur aangebring word en nie meer as 50mm van die voorkant van sodanige muur uitsteek nie.
2. in gebiede van minimum beheer, kan die Munisipaliteit die volgende goedkeur:
 - (a) 'n aansoek om 'n terreingebonde teken plat op 'n grensmuur aan te bring slegs indien dit nie meer as 50mm van die voorkant van sodanige muur uitsteek nie; en
 - (b) 'n aansoek om 'n terreingebonde plat teken met 'n maksimum grootte van 0.5m² op die permanente heining van 'n erf aan te bring.
3. moet derdeparty- en liggingsgebonde reklame op bouterreinomheinings aan die volgende voorwaardes voldoen:
 - (a) enige afsonderlike teken mag nie 'n vertikale afmeting van 3 meter en 'n totale oppervlakte van 18m² oorskry nie en in die geval van konstruksierrein-bedekking moet die grafika voldoen aan die vereistes van die Reklamestandaarde Vereniging van Suid-Afrika.
 - (b) enige sodanige teken mag nie meer as 100mm voor die omheining waarop dit aangebring word, uitsteek nie;
 - (c) dit mag nie in gebiede van maksimum en gedeeltelike beheer verlig word nie; en
 - (d) geen reklame mag op bouterreinomheinings binne die gesigsveld van motoriste by gesinjaleerde kruisings, opgerig word nie.

SKEDULE 9: PLAKKATE MET HOOFOPSKRIFTE

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting of vertoon van plakkate met hoofopskrifte in alle gebiede behalwe natuurlike en landelke gebiede van maksimum beheer toegelaat. Daarbenewens:

1. mag plakkate met hoofopskrifte nie 0.9m x 0.6m in oppervlakte oorskry nie.
2. mag die kommersiële inhoud van die plakkaat nie 20% van die oppervlakte van die plakkaat oorskry nie en die kommersiële letters mag nie groter as die hoof letterwerk in die res van die plakkaat wees nie.
3. mag die plakkate aan Munisipale elektriese ligpale vasgemaak word slegs op die plekke wat deur die Munisipaliteit vir hierdie plakkate goedgekeur is.

4. mag plakkate nie aan verkeerseinpale, of ander pale waarop verkeerstekens aangebring is of wat vir enige ander doel opgerig is of enige ander straattoerusting, mure, heinings, bome, rotse of ander natuurlike voorwerpe vasgemaak word nie.
5. mag plakkate met hoofopskrifte nie op Munisipale elektriese liggale geplak word nie, maar moet op 'n bord gemonteer word en met sterk tou of plastiese bindbande stewig vasgemaak word tensy 'n permanente raam vir hierdie doel goedgekeur is.
6. word slegs een plakkaat met hoofopskrifte per paal toegelaat, ongeag watter koerantgroep dit is en moet op 'n hoogte van ongeveer 2m wees.
7. moet daar streng aan die aantal plakkate asook die aangewese gebiede vir die vertoon van plakkate met hoofopskrifte soos deur die Munisipaliteit goedgekeur, voldoen word.
8. moet alle "spesiale gebeurtenis"-plakkate aan die volgende voldoen:
 - (a) Die naam van die koerantgroep, die "spesiale gebeurtenis" en die datum van die "spesiale gebeurtenis" moet op die plakkate in letters wat nie minder as 50mm in hoogte is nie, verskyn.
 - (b) Die plakkate vir spesiale gebeurtenisse mag nie meer as 7 dae voor die datum van die gebeurtenis vertoon word nie en moet binne 24 uur van die datum van die gebeurtenis wat op die plakkaat verskyn, verwyder word.
9. moet plakkate met hoofopskrifte en hulle hegstukke op 'n daaglikse grondslag verwyder word, by versuim waarvan die plakkate op die koerantgroep se koste, in ooreenstemming met die standaard koste vir die verwydering van plakkate, verwyder sal word.
10. kan die Munisipaliteit die koste vir die verwydering van ongemagtigde plakkate en die herstel van die oppervlakte waarvan sodanige plakkate verwyder is, verhaal van die persoon of persone wat vir die vertoon van sodanige plakkate verantwoordelik is, of van die betrokke koerantgroep.
11. mag die Munisipaliteit enige plakkaat wat strydig met bogenoemde voorwaardes vertoon word, verwyder.
12. mag enige plakkaat wat nie op 'n daaglikse grondslag verwyder word nie of 'n plakkaat wat verband hou met 'n "spesiale gebeurtenis" met 'n vervaldatum soos in item 8(b) beskryf, deur die Munisipaliteit verwyder word.
13. is die vertoon van ongemagtigde plakkate onwettig en die Munisipaliteit mag sodanige plakkate verwyder.
14. mag die Munisipaliteit die koste bepaal vir die verwydering van ongemagtigde plakkate.
15. moet aansoek om toestemming jaarliks deur elke koerantgroep gedoen word om sodanige plakkate te vertoon, onderhewig aan 'n jaarlikse bedrag per koerantgroep.
16. moet elke koerantgroep wat plakkate wil vertoon, jaarliks 'n deposito betaal waarteen die koste vir die verwydering van enige plakkaat wat strydig met die Verordening is, gehef sal word. In geval die deposito verbruik is, kan toestemming om sodanige plakkaat te vertoon, teruggetrek word totdat 'n verdere deposito by die Munisipaliteit ingedien is.

SKEDULE 10: PLAKKATE, BANIERE, TRAANVORMBANIERE, VLAЕ EN BALLONNE

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting of vertoon van plakkate, baniere en vlae buiten dié genoem in Skedule 11, of ballonne in alle gebiede toegelaat behalwe in gebiede van maksimum beheer. Daarbenewens:

1. word die vertoon van plakkate, baniere, traanvormbaniere, vlae en ballonne op enige brug of op enige openbare pad verbied, en langs enige pad wat deur die Munisipaliteit aangewys word, tensy toestemming van die Munisipaliteit verkry is.
2. mag plakkate, baniere, traanvormbaniere, vlae en ballonne nie so vasgemaak word dat dit verbygaande voetgangers of voertuigverkeer belemmer of 'n gevaar vir hulle inhou nie.

3. mag geen banier, of vlag-tipe banier groter as 5m² wees nie en mag geen vlag groter wees as 2m² nie, verder mag geen vlagpaal die toepaslike hoogtebeperking van die sonering van die perseel oorskry nie tot 'n maksimum hoogte van 8 meter bo die natuurlike grondvlak, gemeet direk onder die vlagpaal nie.
4. mag geen plakkaat, banier, traanvormbanier, vlag of ballon binne 30 meter van enige padverkeersteken of verkeersein vertoon word nie.
5. mag plakkate, baniere, vlae en ballonne nie vasgemaak word aan bome, verkeerseinpale, elektriese of diensowerheidsdistribusiekaste, of ander pale wat verkeerstekens dra, rotse, ander voorwerpe, straattoerusting of ander Munisipale eiendom nie.
6. mag plakkate, baniere, traanvormbanier, vlae en ballonne nie op so 'n wyse vasgemaak word dat dit ander besighede of organisasies op 'n onregverdige wyse sal benadeel of enige goedgekeurde bestaande advertensies sal verberg nie.
7. slegs een banier per perseel toegelaat word tensy die Munisipaliteit se skriftelike toestemming vir meer as een banier verkry word.
8. (i) mag 'n maksimum van 5 vlagpale met nasionale vlae opgerig word op die perseel van 'n verblyfonderneming op 'n enkel residensiële perseel;
(ii) mag, onderhewig aan die bepalings van paragraaf 4 'n maksimum van drie traanvormbaniere of vlae vertoon word waarop die naam, korporatiewe simbool of die aard van die besigheid op die perseel waarop dit vertoon word, aangedui word.
9. mag, plakkate, baniere, traanvormbaniere, vlae en ballonne wat in 'n toestand van verval is nie vertoon word nie en moet op kennisgewing van die Munisipaliteit verwyder word.

SKEDULE 11: TYDELIKE PLAKKATE, BANIERE, TRAA NVORMBANI ERE EN VLA E OP OPENBARE PAAIE EN OPENBARE PLEKKE

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening word die oprigting of vertoon van plakkate, baniere of vlae op openbare paaie en openbare plekke met die doel om spesifieke gebeurtenisse te adverteer in alle gebiede van beheer toegelaat behalwe natuurlike en landelike gebiede van maksimum beheer.

Daarbenewens:

1. sal goedkeuring vir derdeparty reklame op plakkate, baniere, traanvormbaniere, vlae en ballonne slegs verleen word vir 'n funksie of byeenkoms vir godsdienstige, opvoedkundige, maatskaplike welsyns, dierewelsyns-, sport-, burgerlike of kulturele doeleindes, of vir 'n funksie of byeenkoms wat met 'n Munisipale, Provinsiale of Parlementêre verkiesing of referendum verband hou.
2. moet die naam van die gasheer-organisasie, die datum en plek van die funksie in letters van nie minder as 50mm in hoogte op die materiaal verskyn.
3. mag plakkate, baniere, traanvormbaniere en vlae slegs opgerig word om die byeenkoms te adverteer en die naam of embleem van die borg mag nie meer as 20% van die oppervlakte van die materiaal beslaan nie.
4. kan die Munisipaliteit 'n tarief hef om die koste te dek vir die verwydering van materiaal wat sonder die goedkeuring van die Munisipaliteit deur 'n gemagtigde amptenaar uitgereik is.
5. mag plakkate, baniere en vlae nie meer as 14 dae voor die datum van die funksie/byeenkoms vertoon word nie en moet dit binne 2 dae vanaf die datum van die funksie of die laaste dag daarvan, soos van toepassing, verwyder word.
6. moet plakkate met 'n maksimum afmeting van 80cm x 50cm op 'n bord gemonteer word en met sterk tou of plastiese bindstukke stewig vasgemaak word op so 'n wyse dat dit nie die pale waaraan dit geheg word beskadig nie. Geen bindmateriaal met 'n metaal inhoud word toegelaat nie.

7. mag plakkate, baniere, traanvormbaniere en vlae, uitgesonderd verkiesingsplakkate en vlae, slegs in die strate of plekke soos deur die Munisipaliteit aangedui, aangebring word en mag nie in residensiële gebiede en op brue aangebring word nie. Geen politieke baniere word toegelaat nie.
8. mag slegs een plakkaat of vlag per organisasie teen elke tweede straatligpaal opgerig word.
9. moet plakkate en vlae op 'n eenvormige hoogte van ongeveer 2m opgerig word.
10. mag geen plakkate, baniere, traanvormbaniere of vlae op bome, middelmannetjies, verkeertekens, verkeerseine, bestaande advertensietekens of teen enige ander Munisipale eiendom of oor tekens van brandkraan-aanduidings aangebring word nie.
11. mag geen plakkaat, banier, traanvormbanier en vlae binne 30 meter van enige padverkeers-tekens of verkeersein vertoon word nie.
12. moet alle hegmetaal saam met die plakkaat verwyder word.
13. mag die Munisipaliteit enige aanstootlike of stukkende plakkate, baniere, traanvormbaniere of vlae of wat volgens die Munisipaliteit 'n verkeersgevaar veroorsaak, verwyder.
14. word die Munisipaliteit gevrywaar teen enige eise wat as gevolg van die vertoon van plakkate, baniere, traanvormbaniere of vlae ingestel mag word.
15. word die vertoon van plakkate, baniere, traanvormbaniere en vlae uitsluitlik vir kommersiële reklame nie toegelaat nie, met dien verstande dat plakkate, baniere, traanvormbaniere en vlae wat met 'n sport, die kunste of 'n kulturele gebeurtenis verband hou, toegelaat kan word ten spyte daarvan dat dit kommersiële elemente bevat. Die kommersiële element mag nie 20% van die oppervlakte van die plakkate, baniere, traanvormbaniere of vlae oorskry nie.
16. moet organisasies of persone wat goedkeuring verkry het om plakkate of vlae op te rig 'n deposito betaal soos deur die Munisipaliteit bepaal, wat die persoon die reg gee om die plakkate of vlae vir 'n maksimum van 14 dae of sodanige ander tydperk wat deur die Munisipaliteit bepaal word, te vertoon. Geen plakkaat of vlag mag sonder dat sodanige deposito betaal is, vertoon word nie.
17. mag die Munisipaliteit alle plakkate, baniere, traanvormbaniere en vlae verwyder of die aansoeker versoek om dit te verwyder indien daar nie aan bogenoemde voorwaardes voldoen word nie.
18. mag plakkate, baniere, traanvormbaniere of vlae wat nie teen die vervaldatum verwyder is nie, deur die Munisipaliteit verwyder word met verbeuring van die deposito wat betaal is.
19. sal baniere deur die Munisipaliteit opgerig en verwyder word teen betaling van tariewe soos van tyd tot tyd goedgekeur, en die banier moet aan die spesifikasies voldoen soos deur die Munisipaliteit voorgeskryf.

SKEDULE 12: EIENDOMSAGENT-TEKENS

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting of vertoon van eiendomsagent-tekens in alle gebiede behalwe natuurlike gebiede van maksimum beheer toegelaat. Slegs eiendomsagente wat geregistreer is by die Raad vir Eiendomsagente mag tekens vir skouhuise oprig. Bewys van registrasie moet die aansoeke vergesel. Daarbenewens:

1. moet elke eiendomsagentskap op 'n jaarlikse grondslag aansoek doen om toestemming om eiendomsagent-tekens te vertoon en goedkeuring is onderhewig aan betaling van 'n jaarlikse bedrag ooreenkomstig die Munisipaliteit se Verordening op tariewe en teriefbeleid.
2. mag die Munisipaliteit 'n deposito vereis waarteen die koste vir die verwydering van enige teken wat strydig met die Verordening is, gehef sal word. In geval die deposito verbruik is sal toestemming om sodanige teken te vertoon, teruggetrek word totdat 'n verdere deposito aan die Munisipaliteit betaal is.

3. is enige eiendomsagent-teken wat onwettig of in stryd met die bepalings van hierdie Skedule opgerig word, en nie verwyder word nie, onderhewig aan die betaling van 'n boete aan die Munisipaliteit. In geval die teken nie deur die Munisipaliteit verwyder word nie, mag fotografiese bewys van die onwettige teken deur die Munisipaliteit verkry word alvorens die genoemde bedrag gehef word.
4. moet "Te Koop"/"Verkoop"/"Te Huur" – tekens gelykvakkig teen die heining of muur van die eiendom opgerig word.
5. kan "Verkoop" tekens gelykvakkig teen die heining of muur van 'n eiendom vir 'n maksimum tydperk van twee weke vertoon word.
6. mag geen eiendomsagent-tekens op enige geteerde gedeelte van sypaadjies opgerig word nie.
7. mag geen eiendomsagent-teken 'n padverkeersteken verberg nie.
8. mag geen eiendomsagent-teken op middeleilande vertoon word nie.
9. mag geen eiendomsagent-teken op so 'n wyse opgerig word dat enige gedeelte daarvan nader as 1.5m van 'n straatrand is nie.
10. mag eiendomsagent-tekens nie vasgemaak word aan bome, verkeerseinpale, straatpale of ander pale wat verkeerstekens dra, mure, heinings, rotse, ander natuurlike voorwerpe of verfraaide gebiede, straattoerusting of ander Munisipale eiendom nie tensy skriftelik deur die Munisipaliteit gemagtig word.
11. kan tekens op straatpenne vertoon word deur 'n ontwerp te gebruik wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is. Eiendomsagent-tekens mag nie op beton-, teer- of geplaveide oppervlakte vertoon word nie. Die penne mag nie dieper as 15cm in die grond ingedryf word nie.
12. mag "skouhuistekens" slegs van 12:00 op Vrydag tot 20:00 op Sondag vertoon word.
13. moet die bewoording "Skouhuis", "Skouwoonstel" of "Skou-erf" met die agentskap se naam en rigtingpyltjie op elke teken vertoon word.
14. mag Skouhuistekens nie 0.3m² in totale oppervlakte oorskry nie.
15. word nie meer as ses eiendomsagent rigtingaanwysers per Skouhuis, Skou-erf of woonstelblok waarin 'n Skouwoonstel vertoon word, toegelaat nie. Die definisie van een teken sluit die vertoon van twee advertensieborde in slegs as sodanige borde met hulle rugkante teen mekaar rondom 'n elektriese paal vasgemaak is.
16. mag Skouhuistekens nie langs uitsigpaaie of enige brug, in 'n openbare park of openbare oop ruimte vertoon word nie.
17. mag slegs een rigtingsteken per Skouhuis/-woonstel/-erf langs klas 2 of 3 paaie vertoon word, met uitsluiting van paaie verwys na item 7 hierbo.
18. moet rigtingaanwysers slegs langs hoofroetes vertoon word wat die kortste roete van 'n hoofweg na die eiendom is.

SKEDULE 13: LOS DRAAGBARE TEKENS

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting of vertoon van los draagbare tekens in gebiede van minimum en gedeeltelike beheer asook aangewese gebiede binne stedelike gebiede van maksimum beheer toegelaat, Daarbenewens:

1. mag los draagbare tekens nie in 'n padreserwe of in openbare oopruimtes sonder die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit geplaas word nie.
2. kan die Munisipaliteit los draagbare tekens wat sonder die Munisipaliteit se goedkeuring in 'n padreserwe of op eiendom in die Munisipaliteit se besit geplaas word, verwyder en daarop beslag lê. Eienaars kan hulle tekens by betaling van die voorgeskrewe fooi soos deur die Munisipaliteit bepaal, terugkry, welke bedrag gebruik sal word om die koste van verwydering, bewaring en vervoer te dek.

3. sal die volgende kriteria van toepassing wees ten opsigte van 'n aansoek ingevolge item 1:
 - (a) dat dit nie 'n gevaar ten opsigte van veiligheid vir die publiek inhou nie;
 - (b) dat dit nie die publiek vanweë die fisiese grootte of die ligging van die teken, belemmer of verontrief nie;
 - (c) dat dit nie ander handelaars onregverdig benadeel nie;
 - (d) dat dit, of die voorgestelde aantal daarvan, nie aan die aantreklikheid van die plaaslike straatlandskap op plaaslike omgewing afbreuk doen nie;
 - (e) dat dit alleenlik gebruik word om die naam van die besigheid, goedere of dienste wat te koop is vanaf die adverteerder se perseel, te adverteer.
 - (f) dat die maksimum afmetings daarvan 1.2m (hoog) x 0.6m (wyd) is;
 - (g) dat dit direk voor die adverteerder se perseel geplaas moet word, met dien verstande dat daar aan die bogenoemde kriteria voldoen word; en
 - (h) dat 'n minimum onbelemmerde looppad wydte van 1.8 meter op sypaadjies, 2.5 meter in die sentrale sakekern en 2.5 meter op sypaadjies met hoë voetganger volume oop gehou word.
4. kan die Munisipaliteit gebiede in die padreserwe of op Munisipale eiendom aanwys vir los draagbare tekens, waar aansoekers dan die goedgekeurde los draagbare teken gedurende gewone handelsure kan plaas. Die teken moet buite die gewone handelsure verwyder word en bewaar word waar dit nie deur die publiek gesien kan word nie.
5. kan die Munisipaliteit tariewe hef vir die vertoon van los draagbare tekens, welke tariewe vooruit betaalbaar sal wees vir 'n maksimum tydperk van ses maande.
6. moet aansoekers die Munisipaliteit vrywaar teen enige eise vir derde partye wat weens die plasing van los draagbare tekens in die padreserwe of op munisipale eiendom mag ontstaan.
7. kan die Munisipaliteit nieteenstaande bogenoemde, los draagbare teken(s) verwyder of daarop beslag lê indien die aansoeker enige van bogenoemde voorwaardes oortree.

SKEDULE 14: LUGTEKENS

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting of vertoon van lugtekens slegs in stedelike gebiede van gedeeltelike minimum beheer toegelaat. Daarbenewens:

1. mag geen lugtekens wat aan enige gebou of struktuur vasgemaak is teen 'n hoogte van meer as 45m van die oppervlakte wat vanaf die grondvlak gemeet word, vertoon word nie.
2. mag lugtekens nie bokant 'n openbare pad vertoon word nie.

SKEDULE 15: TRANSITO – REKLAME

Onderhewig aan goedkeuring ingevolge hierdie Verordening, word die oprigting of vertoon van transito reklame slegs in stedelike gebiede van of minimum beheer toegelaat.

Daarbenewens:

1. word die parkering van 'n transito-teken verbied wat van 'n openbare pad of 'n openbare plek vir die doel van derdeparty reklame sigbaar is, behalwe indien dit op 'n aangewese reklameterrein vertoon word wat ingevolge hierdie Verordening goedgekeur is.
2. moet transito-tekens wat op private eiendom vir stoordoeleindes geparkeer word, so geplaas word dat dit nie van 'n straat of openbare plek sigbaar is nie.
3. mag die advertensiepaneel of gedeelte van die voertuig wat vir transito-reklame gebruik word nie 'n kumulatiewe totaal van 18m² oorskry in gebiede van gedeeltelike beheer nie, welke grootte tot 'n maksimum grootte van 36m² in gebiede van minimum beheer verhoog kan word.

4. kan die Munisipaliteit terreine in gebiede van gedeeltelike en minimum beheer vir transito reklame aanwys en sodanige terreine adverteer.
5. Kan die Munisipaliteit ongeag enige bepalings van hierdie Verordening sonder vooraf kennisgewing enige ongemagtide transito-teken van Munisipale eiendom verwyder, en in die geval van ongemagtigde transitoreklame op private eiendom, ingevolge hierdie Verordening, 'n kennisgewing vir die verwydering beteken.
6. moet transito-teken op die grond by die plek waar dit geparkeer word, behoorlik vasgemaak word.

SKEDULE 16: TEKENS OP MUNISIPALE GROND OF GEBOUE

1. Geen teken mag op grond of geboue in Munisipale besit, opgerig of vertoon word sonder die toestemming van die Munisipaliteit nie.
2. Die volgende spesifieke voorwaardes en kriteria sal geld ten opsigte van tekens soos vermeld in (a) tot (c) hieronder:
 - (a) Kommersieel geborgde tekens, behalwe dié beskryf in artikel 13(10)

Nieteenstaande die gebied van beheer waarin daar beoog word om 'n kommersieel geborgde teken op munisipale grond of geboue op te rig, en onderhewig aan die nakoming van al die ander bepalings van hierdie Verordening, kan die Munisipaliteit 'n kommersieel geborgde teken vir goedkeuring oorweeg onderhewig aan die volgende –

 - (i) openbare of gemeenskapsbehoefte of doelwitte moet deur die Munisipaliteit geïdentifiseer of aanvaar word en indien sodanige behoeftes geheel en al of gedeeltelik aangespreek kan word deur vergunnings aan spesifieke persone vir die oprigting van kommersieel geborgde tekens toe te staan, kan die Munisipaliteit publieke insette vir sodanige openbare of gemeenskapsbehoefte of doelwitte en die reklamegeleentheid wat daarmee verband hou, aanvaar.
 - (ii) Ten einde sodanige openbare of gemeenskapsbehoefte of doelwitte te identifiseer, sal die Munisipaliteit 'n ander belangstellende owerhede vergader voordat voorstelle aangevra word, ten einde voorwaardes, kriteria en beperkings ten opsigte van sodanige reklame te bepaal.
 - (iii) Die Munisipaliteit se verkrygingsbeleid sal toegepas word.
 - (iv) Enige voorstel sal op die volgende basis beoordeel word—
 - (aa) voldoening aan die beginsels van hierdie Verordening;
 - (bb) die ontwerpbydrae;
 - (cc) die beste gemeenskapsvoordeel wat dit bied;
 - (dd) die kreatiwiteit en openbare veiligheid;
 - (ee) die permanensie van die bydrae tot die gemeenskapsdoelwitte of behoeftes; en
 - (ff) die verhalingskoste oor die oprigtingstydperk van die teken in teenstelling met die grootste reklamegeleentheid of finansiële voordeel.
 - (v) Wanneer bydraes in goedere deur die Munisipaliteit verhaal moet word, sal 'n omrekening daarvan tot 'n geldelike bydrae tot die Munisipaliteit se inkomstebasis bepaal word.
 - (vi) Die Munisipaliteit as grondeienaar, behou die reg om nie met enige voorstel voor die finale goedkeuring daarvan voort te gaan nie en die uitnodiging vir voorstelle, in enige opsig, sal nie as 'n besluit deur die Munisipaliteit beskou word om met die oprigting van 'n teken ten opsigte van 'n spesifieke terrein voort te gaan nie.

- (vii) Wanneer dit aanvaar is, moet enige teken wat ingevolge hierdie Skedule opgerig gaan word, die onderwerp wees van 'n skriftelike ooreenkoms tussen die Munisipaliteit as grondeienaar en die persoon wat vir die oprigting van die teken verantwoordelik is.
- (b) Geborgde tekens
Nieteenstaande die gebied van beheer waarin sodanige teken op grond of geboue in Munisipale besit opgerig gaan word en onderhewig aan voldoening aan al die ander bepalings van die Verordening, kan die Munisipaliteit 'n geborgde teken vir goedkeuring oorweeg op voorwaarde dat:
- (i) skriftelike besonderhede verstrekkend word wat die erkende gemeenskapsdoelwit deur die oprigting of vertoon van die voorgestelde teken bevorder sal word, duidelik aandui;
 - (ii) tekens met 'n politieke inhoud nie toegelaat sal word nie;
 - (iii) nie meer as 5% van die totale oppervlakte van die teken vir derde party reklame gebruik word nie;
 - (iv) die maksimum grootte van enige sodanige teken 6 m x 3 m is, met dien verstande dat waar 'n V-vormige teken voorgestel word sy maksimum grootte nie twee panele van 6m x 3 m elk sal oorskry nie;
 - (v) aansoeke vir die oprigting van reklameborde ingevolge hierdie item aan die vereistes soos in Skedule 2 uiteengesit, voldoen;
 - (v) geen teken wat ingevolge hierdie item opgerig word binne 5 meter van 'n eiendom se grenslyn geleë is nie.
- (c) Nie-winsgewende tekens
Nieteenstaande die gebied van beheer waarin 'n teken opgerig gaan word en onderhewig aan voldoening aan al die ander bepalings van hierdie Verordening, kan die Munisipaliteit die oprigting oorweeg van 'n teken deur of ten bate van 'n nie-winsgewende liggaam onderhewig aan nakoming van die vereistes wat in Skedule 17 hiervan uiteengesit word.

SKEDULE 17: TEKENS WAT DEUR OF TEN BATE VAN NIE-WINSGEWENDE LIGGAME OPPERIG WORD

1. Nieteenstaande die gebied van beheer waarin 'n teken deur of ten bate van 'n nie-winsgewende liggaam opgerig gaan word, en onderhewig aan voldoening aan al die ander bepalings van hierdie Verordening, kan die Munisipaliteit sodanige teken vir goedkeuring oorweeg onderhewig aan die volgende:
 - (a) Skriftelike besonderhede van die gasheer nie-winsgewende liggaam wat betref die aard en omvang van die ondersteuning wat as gevolg van die oprigting of vertoon van die teken ontvang sal word, aan die Munisipaliteit verstrekkend word tesame met die ander inligting wat in gemelde artikel 3 van die Verordening uiteengesit word;
 - (b) Die omvang van betrokkenheid van voorheen benadeelde gemeenskappe, kleinsake, werkskepping en bemagtiging sal by enige voorstel in ag geneem word;
 - (c) Enige voorstel sal op die volgende basis beoordeel word—
 - (i) voldoening aan die beginsels van hierdie Verordening;
 - (ii) die ontwerpbydrae;
 - (iii) die beste gemeenskapsvoordeel wat dit bied;
 - (iv) die kreatiwiteit en openbare veiligheid; en
 - (v) die permanensie van die bydrae tot die gemeenskapsdoelwitte of behoeftes in teenstelling met die grootste reklamegeleentheid of finansiële voordeel.

- (d) Indien daar voorgestel word dat die genoemde teken op Munisipale grond opgerig moet word:
- (i) moet die Munisipaliteit die voorstel oorweeg;
 - (ii) die Munisipaliteit as grondeienaar behou die reg om nie met enige voorstel voor die finale goedkeuring daarvan voort te gaan nie;
 - (iii) indien dit aanvaar is, moet 'n skriftelike ooreenkoms tussen die Munisipaliteit, die persoon wat vir die oprigting van die teken verantwoordelik is en die nie-winsgewende liggaam aangegaan word:
- (e) Daarbenewens is die volgende voorwaardes van toepassing—
- (i) tekens met 'n politieke inhoud sal nie toegelaat word nie;
 - (ii) die maksimum grootte van enige sodanige teken is 6m x 3m, met dien verstande dat waar 'n V-vormige teken voorgestel word sy maksimum grootte nie twee panele van 6m x 3m elk oorskry nie;
 - (iii) aansoeke vir die oprigting van reklameborde ingevolge hierdie item moet aan die vereistes soos moet aan die vereistes soos uiteengesit in Skedule 2 voldoen;
 - (iv) geen teken wat ingevolge hierdie item opgerig word mag binne 5 meter van 'n eiendom se grenslyne geleë wees nie;
 - (v) die naam van die nie-winsgewende liggaam moet op die teken met 'n maksimum letterhoogte van 300mm vertoon word;
 - (vi) al die partye wat deur die oprigting of vertoon van sodanige teken geraak word, moet geleentheid gegee word om insette te lewer;
 - (viii) die Munisipaliteit kan vereis dat 'n impakbeoordelings, ingedien moet word; en
 - (ix) nie meer as twee afsonderlike tekens van 6m x 3m elk sal toegelaat word nie, of anders, een V-vormige teken met 'n maksimum grootte van twee panele van 6m x 3m elk op enige spesifieke eiendom. Daarbenewens sal slegs een teken per straat voorkant toegelaat word.

SKEDULE 18: STANDAARD LOSSTAANDE EN SAAMGESTELDE TEKENS VIR DIE BEWARINGSGBIED

1. Onderhewig aan goedkeuring en ingevolge hierdie Verordening, is die oprigting of vertoon van standaard losstaande en saamgestelde tekens die primêre reklame medium in bewaringsareas asook in gebiede wat 'n enkel residensiële sonering het. Daarbenewens:
 - (a) sal hoogstens een standaard reklame struktuur, wat ontwerp is volgens Munisipale voorskrifte, per eiendom toegelaat word.
 - (b) sal 'n saamgestelde teken bestaande uit hoogstens twee reklametekens met 'n grootte van 900mm x 300mm per reklamestruktuur toegelaat word, wat slegs die naam van die sake-onderneming en hoofproduk aandui.
 - (c) kan, in die geval van 'n sakesentrum, meer as een advertensieteken per reklamestruktuur toegelaat word in welke geval slegs die sentrum se naam aangedui kan word met die name van die sake-ondernemings wat in die sentrum gehuisves word.
2. Sodanige tekens en reklamestrukture moet:
 - (a) Voldoen aan die ontwerpstandaarde en vereistes van die Munisipaliteit ;
 - (b) Mag nie binne die straatreserwe vertoon word nie;
 - (c) Mag slegs parallel met die straatgrens vertoon word.

